


# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

## IN HIERDIE UITGAWE

- ARTIKELS  
Robert Mohr, Jan Bouws, L. Schultz.
- POESIE  
André Roux, M. Steyn van Rooyen, Barend Toerien, A. Alberts, Marcell Breyne, Eliz. du Toit, F. Walewijn, J. Delen, Jac. Brits, L. Schultz, A. Jensen, A. Fouché, P. Venter, B. le Roux, P. Bekker, A. Rawlins, R. Coetzee.
- VERHALE  
E. Liebenberg, Mimie Postma, Abel Coetzee.
- EENAKTER  
Jac. J. Brits.
- JONGERES  
Louis Kruger, J. Barnard, Berendien Kruger, Priscilla Theron.





Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services



# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die  
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

•  
Redakteur: ABEL COETZEE

•  
Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE  
H. A. FAGAN  
P. C. SCHOONEES  
W. A. DE KLERK  
M. S. B. KRITZINGER  
B. KOK  
P. J. NIENABER  
B. CONRADIE  
J. KROMHOUT  
ANDRÉ DEMEDTS

Administrasie: Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

Intekengeld: 20/- per jaargang, posvry.

•  
JAARGANG 10

NOMMER 1

- Let wel: a. Alle kopie vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur, Escombelaan 51, Parktown, Johannesburg.
- b. Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekening, advertensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

**MAART — 1960**



# Inhoud

GEBED IN DIE BEESKRAAL e.a. GEDIGTE, André Roux .....	5
'N KUNS OP SOEK NA 'N VORM, Robert Mohr .....	7
DIE AREND OOR NAGASAKI e.a. GEDIGTE, M. Steyn van Rooyen .....	13
DIE AFRIKAANSE VOLKSLIED, Jan Bouws .....	16
BRIEF HUIS-TOE e.a. GEDIGTE, Barend J. Toerien .....	21
BOODSKAP VAN DIE ROOS, A. Alberts .....	24
VLUG, E. Liebenberg .....	25
PRELUDIUM, Marcel Breync .....	29
MARCEL BREYNE 70 JAAR, Lorenz Schultz .....	31
GEDIGTE: Eliz. C. M. du Toit, H. J. M. Redelinghuys, A. A. Snyman .....	36
VREEMDE VRYERY VAN TIEKO EN ARRAJAAT, Minnie Postma .....	41
GEDIGTE: Fred Walcwijn, Jozef Deleu .....	48
EMIEL HULLEBROECK, Lorenz Schultz .....	49
GEDIGTE: Jac. J. Brits, Lorenz Schultz .....	56
DIE ROOI ANGELIER, Abel Coetzee .....	57
GEDIGTE: Anton Jensen, Abraham Fouché, Pieter Venter, B. le Roux .....	66
LEIER VAN DIE VOLK, Jac. J. Brits .....	72
GEDIGTE: Pirow Bckker, A. J. B. Rawlins, R. A. Coetzee .....	82
<i>By die Jongeres:</i>	
AAN VERBRANDE MOTTE, Louis Kruger .....	86
TER NAGEDAGTENIS VAN C. M. v.d. HEEVER, J. Barnard .....	87
DAT HIERDIE EMOSIE, Berendien Kruger .....	88
DONKERTE EN LIG, Priscilla Theron .....	89
BRIEWEBUS .....	91
BOEKE ONTVANG .....	92

Die Redaksie soek na die adres van die volgende medewerkers:  
P. J. Muller (Adam Homo).  
Stoffel Cilliers (Jongeres).





ANDRÉ ROUX:

## Gebed in die Beeskraal

*Modemo! Grootbaas! Dis ou Isak wat hier praat.  
Dis koud en baie laat.  
en ek vra raad, groot raad,  
Grootbaas wat doer ver, bó my beeskraal sit.  
Ek vra, omdat ek nie verstaan:  
As die dood kom, Baas,  
waarheen moet die oujong gaan?*

*Die wit Moruti, Baas, het laas  
vir ons vertel van die Hemel en die Hel.  
Die goeies gaan, as ek mooi verstaan,  
doer bó. waar die sterre kom en gaan,  
en die baie slegtes kry 'n plek,  
waar die tonge vure lek, 'n warm plek.*

*Modemo, Grootbaas! Ek was nie baie sleg,  
maar tog 'n bietjie sleg.  
Nou vra ek mooi, my Baas,  
as ek my laaste bietjie asem blaas  
en dit baie koud word, Baas,  
vat my dan na daardie Plek  
waar die tonge vure lek, die Warm Plek,  
en laat die tonge my ook lek,  
warm lek, in daardie Warm Plek,  
my Baas.*

## Adam

*Hy klappertand!  
'n Wrak wat rittel in sy nood.  
'n Ding het met die eerste hap  
die grendels van sy eng bestaan  
ru weggepluk.  
En Adam struikel voor die Boom.*

*Voort! Uit hier!  
Buite wag die stekelgras,  
die wildevaring en die swart moeras.*

*Sy selfbejammering was so groot  
dat die kennis wat nou syne was  
slegs in half onthoude drome in die nag  
deur sy verdwaasde siel 'n sypelgang kon vind.  
Maar eendag loop hy in die dorings vas  
en spatsels bloed val op sy vyeblad.*

Hy trek die dorings een vir ene uit  
en dink, onthou 'n droom van Een wat smEEK:  
„Neem hierdie beker van My weg,  
maar as U so wil  
dan drink Ek dit vir hom,  
die mens.”

„Die mens?  
van watter Mens het ek gedroom?  
Ek is tog geen profheet  
wat van verborge dinge weet?”

Staan op! Jy het die vrug geëet!  
En dié wat na jou kom sal soek,  
maar — sal hul weet, al dink hul ook hul weet?  
Struikel! Val, ellendeling.  
Soek as en werp dit op jou vyeblad  
en dank die Heer:  
Van die Lewensboom se vrug  
dié het jy nie geëet.

## Die Halwe Mens

„Bly hier en waak!”  
Onderwyl hul slaap  
het Hy gewaak,  
op die grond geval, gebid,  
geworstel met die God in Hom.  
In die koue voorjaarsnag  
lê Hy oopgevlak.  
Hy sweet en in Hom kloof dit oop.  
Hy sien die diep ravyn  
wat Skepper van Sy skepsel skei.

Wie ken die angs,  
die twyfel van 'n mens  
wat oopskeur op die rand  
van Godwees en van vrees?  
Hy sweet, die angssweet van 'n mens,  
die bloedsweet van — 'n God?

Hy bid en sien  
die pad na Golgotha, die kruis, die dood.

„Abba, Vader, U wil geskied.”  
Hy maak die elftal wakker.  
„Staan op, die uur het aangebreek.”

Voor Pilatus staan 'n God,  
maar op die heuwel sterf 'n mens:  
Eloï, Eloï, lamma sabagtáni?

## 'n Kuns op soek na 'n Vorm

„Die Afrikaanse drama en teater is dood!” Dit bly die *canto lamentoso* van die langhaarpriesters en die korthaar-priesteresse van Melpomene.

„Iets wat nooit gelewe het nie kan nie as dood beskryf word nie,” is dikwels die antwoord.

Verklarings, verwyte en verskonings word gereeld die land oor versprei deur die twee belangrikste draers van massa-kommunikasie: die geskrewe woord in die dagblad-pers en die vertroulik gefluisterde woord in die verkleekamer. En die beste stuurliu... val in die water van opwinding, maar verdrink helaas nie, want wat ligter is as water dryf bo.

Die eerste verwyte, veral van die toneelwêreld, is gewoonlik gerig teen die afvallige publiek. Waar is hulle? Waarskynlik waar hulle beter vermaak, aangenamer afleiding, prikkelender stof tot nadenke en beter geestelike voedsel verwag as by die toneel. Hulle betaal vir 'n toneelaand met geld (wêreldsgoed!) en tyd, die onvervangbare stof van die lewe. Ons toneel verstout hom om aanspraak te maak op daardie munt; maar bied hy iets ewe waardevols in ruil? *Verdien* hy dit vir wat hy gee, of eis hy dit ter wille van sy ego? Ter wille van kultuur dan? Dit sal 'n treurige dag wees vir die Afrikaanse kultuur as die grootste gedeelte van ons toneel vandag *wel* aanvaar word. Die woord kultuur is te dikwels slagspreuk en taktiek. Soos alle slagspreuke verloor hy sy towerkrag. Of eis hy dit ter wille van sy jeug, omdat hy Afrikaans is, en daarom alle onbeholpenheid verskoon moet word ter wille van wat eendag uit hom kan ontwikkel? 'n Goeie argument om die middelmatige te verewig! Hoe jonk is die oudste van die Westerse kuns-vorme? Want hoewel die taal en verhaal Afrikaans is, beoefen ons byna sonder uitsondering toneel wat na vorm en inhoud Europees is, en dus nie op groeipyne as verskoning kan steun nie.

Die aanklag van openbare apatie is 'n holle selfvertroosting. As ek iets koop, met tyd of geld, koop ek dit omdat dit vir my die moeite werd is; as ek iets aanbied, skeep die artikel self die behoefte daaraan en sal die klandisie na die produk wees. Daar is beslis beter werk wat ook geen gehore trek nie. Die skilder se twintig mislukte doeke word verberg in sy ateljee, en sy een goeie stuk word ten toon gestel. Die toneelmaker se elke mislukking sterf pynlik

publiek, vasgespeld onder die ontleedmes van die eenoogkoning-kritikus, dikwels met sy goeie oog op 'n epigram en die ander voor die lens. Sy enkele sukses daarna sterf soms aan die kritikus se spysvertering, dikwels omdat dit te duur kos (wêreldsgoed?) om 'n artistieke sukses aan die lewe te hou totdat iemand anders as die bestuur en die regisseur se moeder dit besef het. Dit is uiters moeilik om 'n gehoor te verower; maar het die Afrikaanse loot van die Westerse toneel, met die ryke materiaal en vakmanskap waaruit hy spruit, genoeg gelewer aan kwaliteit om op 'n gehoor aanspraak te maak? Genoeg om die gehoor in die verwagting te stel dat 'n besoek aan die teater iets van waarde kan oplewer? Genoeg om 'n behoefte aan daardie waardes te skep?

Die rot moet in die toneel self gesoek word en nie in uitwendige dinge nie. Dat dit selde gedoen word, veral deur die beoefenaars van die toneel, is deel van daardie sindroom wat met reg die beroepsiekte van ons toneel genoem kan word: selfsug, kleinsierigheid en egosentrisiteit. Die voorvereiste wat die toneel juis stel vir sy voortbestaan is selfloosheid, die vrye gee van die geestelike en materiële aan die gehoor; die toneel in diens van die gehoor, nie die gehoor in diens van die toneel nie. Ons draai hierdie eenvoudige feit onderstebo, en die enkeling in die toneel gaan nog verder en eis die toneel *en* die gehoor in diens van die ego. Is dit nie simptomaties nie, dat „inlewing” nog as die opperste deug van 'n akteur beskou word, terwyl „uitlewing” skaars 'n toneelbegrip geword het? 'n Groot Engelse aktrise vertel dat sy as jong speelster haar ideaal bereik het toe sy eenmaal haarself so in haar rol ingeleef het dat sy egte trane gehuil het. Die kommentaar van haar gevestigde teenspeler was: „You bloody amateur!”

Te dikwels nog is ons die „Bloody amateurs” wat onself bluf dat die kriterium vir groot kuns eweredig is aan die mate waarin ons ons self ontroer. Daarby verwar ons trane met ontroering, lag met genot. Dit is die vlak, week emosie by die dood van 'n skoothondjie wat trane uitlok; die ervaring wat die diepte van ons wese raak, peil dieper as trane. Dit is die klein, egosentriese ervaring wat ons self tot trane bring; dit is die groot onselfsugtigheid van die toneelkunstenaar wat aan die gehoor 'n ryke ervaring bring, „thoughts that do often lie too deep for tears.”

Uit die ego kan miskien wel groot kuns voortvloei, maar as dit die onbewuste *doel* word van die toneel met sy groot aantal medeskeppers, met sy aard as 'n gemeenskapservaring, word toneel chaos of exhibisionisme.

Wesenlike vrae vloei hieruit voort: Ken ons dan die toncelmedium? Ken ons sy aard? Ken ons die teater? Het ons 'n suiwer begrip van sy funksie? Kan ons die bestaansreg van die toneel in ons land en tyd regverdig en verantwoord? En as ons bevestigend antwoord, beoefen ons toneel in terme van daardie kennis?

Ons is dit eens dat ons opleiding nog ontoereikend is. „Talent” en soveel jare van ervaring by X se geselskap, en miskien 'n paar voordraglesse by Mej. Z (jy weet, sy's regtig *goed!*), moet die cachet dra wat elders met baie jare van hoogs gespesialiseerde opleiding, akademies en professioneel, verwerf word deur die enkeles wat na baie jare van beroepservaring bo die kompetisie van duisende kan uitstyg. En dan durf ons verwaand wees! Die klein paddatjie voel so maklik grootmeneer in die klein plassie. Dit is soveel makliker om op 'n goddelike gawe te steun, as om dit tot volle bruikbaarheid te dissiplineer met daardie beskeidenheid wat eie kennis en vaardigheid meet aan die ontsaglike omvang van ongetwyfeld die grootste en veel-eisendste van alle kunsvorme. Die hoë vlug van die verbeelding moet nog uitdrukking vind deur die perfek-ontwikkelde instrument, gebruik met meesterskap van die vorm. Ons sê so dikwels dat die Afrikaner 'n natuurlike toneelspeler is. Dit is so onwaar soos die ewe swierige aanspraak dat ons 'n singende volk is. Hierdie illusie het ons gelei tot presies waar ons is, met ons lukrake en empiriese benadering van die toneel.

Begrip van die toneelmedium word te dikwels nog beskou as blote vertrouwdheid met die geykte konvensies van dramastruktuur, teatermasjinerie, verhoogbeweging, stemplasing, ens. Hierdie dinge is so belangrik soos kennis van harmonie, kontrapunt en musiekvorme vir die musikant; dit is die voorvereiste kennis van elke beoefenaar van elke afdeling van die toneel. Voordat ons verder kan, moet dit vanselfsprekend wees dat ons nie alleen hierdie kennis het nie, maar dit in praktiese gebruik kan stel. Maar is dit genoeg? Is dit selfs die wesenlike? Kan hierdie dinge ons tot werklike skepping voer, tot die gesogte „eie styl”, as dit soveel is as wat ons mik om te verower? Ten beste kan dit ons weer net bring tot die peil van ons beste werk: kundige reproduksie van die geykte. Nee, agter en deur hierdie dinge moet ons soek na 'n begrip van die essensie, 'n begrip van die wesenlike aard van die toneel, en sy wesenlike funksie in 'n samelewing, ons eie, spesifieke samelewing in ons eie, spesifieke tyd en omgewing. Hier in ons land is daar die geleentheid om die toneel in die

vroegste vorm van sy ontwikkeling lewend te bestudeer, om die impuls wat aanleiding gegee het tot die toneel as kunsvorm in sy kiem te leer ken. In die rites, danse en sange van die Bantoe het ons die begin, in volle lewe, van 'n nuwe toneel, wat dieselfde patroon aandui as die oerbegin van die Westerse toneel. Ons hoop dat hierdie ryke bron van kennis en begrip ontgin sal word voordat die rypdrukproses wat die kontak met die Europese beskawing aan die gang gesit het, dit vernietig of vervorm.

Ons weet, in ons ondersoek na die aard van die kunste, van dinge soos universaliteit, tydloosheid, wêreldbeeld, tyd en ruimte. Begryp ons altyd die spesifieke betekenis van hierdie dinge met betrekking tot die toneel? Is hulle nie daardie waardevolle byprodukte van die toneel wat die toneelteks soms ook as letterkunde kan laat voortlewe nie? Die toneel is na sy aard vlugtig. Alleen wanneer 'n gegewe moment uit 'n gegewe drama op 'n gegewe plek en tyd voor 'n gegewe gehoor gespeel word *gebeur* daardie aktiwiteit en ervaring wat ons toneel gedoop het. Die naklank daarvan in die gees van dié wat dit belewe het, is die blywende produk.

Die toneel moet, as hy daardie skerp indruk wil maak wat daardie naklank verwek, boweal *tydig* wees. Groot toneel verwerf sy tydlose voortbestaan, sy hiernamaals, in direkte verhouding tot sy tydigheid op die moment as hy *gebeur*. Van 'n eksperimentele opvoering van my was 'n bekende letterkundige vriendelik genoeg om te sê: „Na drie jaar onthou ek dit nog as een van my rykste toneel-belewenisse. Maar ek is bly dat jy afgesien het van die bepaalde tegniek, dit sou te gou verouder het, omdat dit te veel prikkelkuns was.” Daar was geen sprake van afsien van tegniek nie, en niks wat kon verouder nie. Die tegniek is gemik op 'n bepaalde geleentheid, is daarmee gebore en het daarmee gesterf. Die vormgewing van 'n toneelopvoering is geheel verganklik, geheel op die oomblik ingestel, om die denke en die gees te bereik via die sintuiglike indruk, is dus inderdaad in 'n sekere sin prikkelkuns. Dit is alleen wanneer die sinsprikkeling van middel tot doel ontaard, dat dit tot holle sensasie verword.

As *Hamlet* tydloos is, is dit omdat dit na drie eeue nog veel bevat wat tydig is, wat onmiddellike trefkrag het in die teater. Anders sou dit alleen as literatuur kon bly bestaan, of as 'n opvoering van kultuur-historiese belang.

Hierdie onmiddellik-prikkelende in die toneel het ons nog selde bereik. Daarom miskien dat die publiek nog nie aan die teater dink as 'n plek waar daar 'n aand van lewende

opwinding en genot te verwagte is nie, met die belofte van 'n blywende naklank. Ons drama bied voorspelbare, versigtige materiaal, meesal in geykte, Ibseneske vorme gegiet, ons teater 'n klein spektrum van oorbekende effekte. Verslete vorm, beperkte inhoud. Ons besef van ruimte en tyd word daagliks groter, en die mens en die enkele lewe ooreenkomstig kleiner. Die mens as die grootse tragiese held word die mens in tragi-komiese wanverhouding tot die altyd-uitdeinende heelal van sy geestesbesef . . . of 'n steeds magtiger heerser van daardie heelal. Nasionale grense word nietig, of oneindig belangriker. Die individu, die maatskappy, die volk, die ras, die mensdom vind hom in 'n skuivende dryfsand waarin etiese, morele, godsdienstige, tegnologiese, filosofiese, politieke waardes die oorangende takke is waaraan hy gryp om hom na vastigheid op te trek. Die waarde van die takke self moet opnuut aan die nuwe eise bepaal word. Hierteen praat ons toneel met 'n stem wat nie gehoor kan word nie, staan hy met 'n gebaar wat die holle, futiel-belangrike houding geword het van 'n Viktoriaanse openbare gedenkbeeld.

Dit is van hierdie tyd en tot hierdie tyd dat die toneel met die vitaliteit van sy verganklikheid moet spreek, met 'n stem wat kan gehoor word naas kernsplyting, met gedagtes wat 'n eerlike uiting is van die tyd in sy klein en groot kentering en problematiek, en met gedagtes wat 'n positiewe bydrae is, nie 'n negering of 'n ontwyking nie. Maar ons gaan dié dinge verby, soms met 'n hooghartige afsydigheid, soms in 'n lekker warm pelsjas van selftevredenheid. So ook met die probleme van ons eie land. Die kleurprobleem was die onderwerp van enkele oppervlakkige werke. Waar 'n probleem soos hierdie aangeroeur word, is ons sentimenteel, versigtig om nie tone te trap nie, of gebruik ons die verhoog bloot as podium om 'n paar maklike stellings in die vorm van 'n met dialoog aangeklede storie kwyd te raak, sonder die besef dat dit die diepte van elke mens raak, bang om kontensieus te wees. Die kontensieuse is juis wat gemoedere prikkel, wat sterk reaksie en ervaring stimuleer, dit waarsonder die toneel nie kan floreer nie.

'n Blik van die mag wat in die hande van die toneel is, as hy die durf het om daarna te gryp, was die opvoering van *King Kong*. Die opvoering (in Kaapstad, altans) was in vele opsigte lomp en amateuragtig. Die kernkrag van die stuk is selfs deur die medewerkers gladnie, of onvolkome besef. Die plaaslike gehoor het dit aangegaap asof hulle na die ape in die dieretuin kyk, warm en veilig in

hulle aandklere en juwele, die ape veilig agter die tralies vir hulle vermaak. Dit is skrikwekkend dat net hier en daar 'n enkeling besef het wat deur hierdie naïewe versentimentalising van die stof gespreek het. Die wet van die oerwoud, gestalte gegee in Kong, word die helde-ideaal van die jong geslag. Raka in ons midde. As die stof deur medewerkers en skrywer tot sy volle implikasie in toneel-terme uitgebou is, sou daardie gehoor geweet het dat dit *hulle* is wat agter die tralies gesit het!



## Die Arend oor Nagasaki

Ek is die Arend, die vlieënier  
en diep is my dreuning in die lug —  
die wolkies dryf yl teen die sterre  
as die vliegtuig met diaboliese vlug  
Nippon se stad sieu van verre.  
In my bomwerper se buik van metaal  
lê vas die atoombom se staal —  
ek bid dat God my behoed  
as ek afkyk op 'n doelwit van vleis  
en van bloed.

Net ek ken die geheim van my sending  
waar ek voortsnel teen die sesde Gebod —  
net ek — en God,  
die Skepper van die onskuldige atoom  
wat vervorm is deur die mens in sy skending.  
My kompasnaald gerig op die roete  
wat slinger —  
soos Satan met grynslag en wysende vinger.

Ja, ek is die Arend van die Pentagon —  
en ek vlieg in teen die manne van Nippon.

Ons is nou gereed in die stuurkajuit  
en elke lid van die vliegtuigbemanning  
is uiterlik kalm —  
so soek ek, die sluipende moord —  
vir veiligheid nog die donker wolk uit,  
want moontlik lê ook die vyand  
se lugafweer in wagtende spanning.  
„Bomrakke oop!” beveel ek dan kil —  
die volgende oomblik antwoord my  
maat met 'n stem wat klink soos 'n gil.  
„Bomrakke oop!” erken hy die woord  
en stadig soos 'n monster wat braak  
ontsluit in die vliegtuig se buik  
die atoombom se metaalagtige kaak.

Ons lag nog ligsinnig in die vliegtuig se romp  
want netnou gaan die atoombom  
sy neus mos afstomp —  
Een kyk nog in die bomvisier en  
met die druk van 'n knoppie is hy  
los, die ou sakie —  
en pyl hy na onder, sy doelwit —  
Nagasaki.

Ligsinnig? Ligsinnig ja — maar net momenteel,  
want met polsende bloed voel ek  
die knop in my keel —

Ja, ek is die Arend van die Pentagon  
en daar onder my, die Land van die Opgaande Son.

Met brekende geweld en blitsende flitse  
sidder staal en beton in vallende puin  
by die aanslagpunt van die atoombom se splitse.  
In huise en skole, hospitaal en die velde  
sterf mense in bloed en verstikking —  
in die brande van radio-aktiewe verskrikking.  
Dan styg in die lug op die paddastoelwolk  
in krullende, malende wit pluime wat kolk  
in gloei in die ruimte van die Oosterse ster —  
en dan stadig weer neersif oor die  
land en die see —  
dit dra dan nog groter ellende op die  
wieke van die wind met hul mee.

Kom juig vriende, juig — elke vrou, elke man  
want die oorlog is oor in die verre Japan!

Ek is die vlieënier, die Arend van die Weste  
wat die atoombom laat val het in Nippon se neste —  
God het die uitvoer van my opdrag aanskou  
en hoe moet ek dit alles in stilte berou?  
Ook Hy is die Skepper van die atoom  
en die wind —  
daarin lê net soveel liefde as  
in die wieg van my kind.

## Die Anderkant van die Maan

Spookagtig van gestalte spits die geleide projektiel  
wat rustig op sy lanseerwieg druk —  
so beloer die Kremlin sy aarde in profiel  
om gewetens in die ruimtes los te ruk.

Met slinkse afguns in bewaakte laboratoria  
het die wetenskap die pyl mooi afgerond  
om vorm te gee aan valse gloria —  
en dan weer terug te keer na die grond.

Met vuur en vlam en blaasgeraas  
styg hy met kamera, radar, elektron  
die naglug op in donker sodiumwaas —  
sidder sy lanseerkussing van beton.

Ry saam met planeet en ster — Komaan!  
Jy, eteriese voertuig so vindingryk —  
plaas nou jou kapsule in sy wentelbaan  
om na die anderkant van die maan te kyk —  
Of om met Hamer en Sekel in jou neus  
sy vriendelike gesig te kneus —  
miskien sal die wesens op die maan  
kom kyk hoe dit met ons op aarde gaan.

## Eensaamheid — Waar Sit Jou Angel?

Trek die engel uit my siel,  
want ek wil bid —  
trek die smart  
uit die hart  
van 'n vrou wat nie troos kan vind  
en wat breek  
oor die dood van haar kind.

Swaar talm die onrus in my,  
soos die rou  
by 'n kis wat sink in die graf —  
en die engel steek diep in my hart,  
en naar,  
omdat ek, vir my straf,  
die ondeurgrond'lik besluit van God  
nie wil aanvaar.

Dit alles kan ek nog verduur —  
ook die pyn van omgedolwe grond  
wat onder koel sipresse  
neerstort in die ope wond —  
Maar wie kan die engel trek  
van eensaamheid se sielevuur?

JAN BOUWS:

## Die Afrikaanse Volkslied

Bestaan daar wel iets wat moeiliker uitgeroei kan word as die fabeltjie? Hierby dink ek nie aan die verhale van Esopus nie, hoewel hierdie soort fabels met sy sprekende diere die ewige lewe skyn te hê. Die fabeltjies wat ek bedoel, is bewerings wat sonder deugdelike bewyse of sonder grondige ondersoek gesê en nagesê word. Niks is makliker as om sommerso te beweer:

„Daar bestaan g'n Suidafrikaanse musiek nie,”

of:

„Daar is vrywel g'n volksliedjies in Suid-Afrika nie, en wat daar nog sou wees, nou ja, dié kom, as hulle goed is, uit Skotland, as hulle van mindere kwaliteit is, uit Nederland.”

Dit klink wel gewigtig, so 'n uitspraak, en wanneer 'n mens dit met 'n sekere parmantigheid sê, word dit grif aangeneem en verder vertel. Ek wil by so 'n fabeltjie heeltemal nie aan kwaadwilligheid dink nie, want die bewering oor die armoede aan Afrikaanse liedjies mag nou toevallig van 'n Engelse musikus wees, hierdie tema is voor hom deur so baie goedwillende Suid-Afrikaners — Engels- en Afrikaanssprekendes — só of in tallose variasies gespeel, dat 'n mens daar byna in sou glo en onwillekeurig sou meespeel!

Nou bestaan daar 'n verweer van vier woorde: „Es ist nicht wahr!” maar dit het 'n bysmaak en is dus onbruikbaar. Daar kom nog by, dat dit op die eerste gesig lyk, of die bewuste uitspraak wáár is. Die Afrikaanse liedjies wat in die algemeen bekend is en by voorbeeld deur „Marais en Miranda” persoonlik of deur middel van grammofoon, radio en televisie oral in die wêreld bekend gemaak word, liedjies soos *Sarie Marais*, *Jan Pierewiet* en *Hoe Ry die Boere*, is werklik van Amerikaanse, Engelse of Nederlandse herkoms. En dit is nie moeilik om daar ander aan toe te voeg: *Die Kat Kom Weer*, *Aljander*, die refrein van *Siembamba*, *O Boereplaas*, *Nooi van die Velde* ens., en dan het daar dus ook nog 'n paar van Duitse afkoms bygekom.

En tog, daar bestaan wel deeglik 'n Afrikaanse volksmusiek, nie ondanks hierdie immigrante nie, maar danksy hulle. Dit gaan daarmee soos met die werklike immigrante, hulle is aanvanklik nog vreemd, maar later kom alles reg en in die volgende geslag is hulle egte landsburgers. Wie sal bv. by

„Die kat kom weer, hy kan nie langer bly”

nog dink aan *The cat came back* van die Amerikaanse Henry S. Miller uit 1893? Of

„Alie Brand, die liefste van my land,”

aan die liedjie *Gaily the Troubadour* van Thomas Haynes Bayly uit die eerste helfte van die neëntiende eeu? Dit was vir u en my altyd egte Afrikaanse volksliedjies en aan die oorspronklike wysie in die land van herkoms het ons nooit gedink nie. Soms het dit daar wel as volksliedjie bewaar gebly. So sing die Duitsers nog altyd:

„Was kommt dort von der Höh ”

terwyl vir die Afrikaners die wysie vir altyd saamgegroeï is met

„Wat maak Oom Kalie daar?”

Johannes Brahms het dit nog goed geken. Ons kan die wysie hoor in sy **AKADEMIESE FEESOUVERTURE** wat hy tagtig jaar gelede gekomponeer het uit dank vir die eredoktoraat wat die Universiteit van Breslau aan hom verleen het.

Ook van 'n Afrikaanse liedjie by uitstek: *Gertjie* weet ons danksy die navorsings van G. S. Nienaber van Pietermaritzburg dat die wysie in 1879 ontleen is aan die Amerikaanse *Just before the Battle, Mother*. Dié lied is in 1863 deur die populêre George Frederiek Root tydens die Burgeroorlog geskryf. En merkwaardig genoeg, leef die liedjie, soos sy Suid-Afrikaanse neef *Gertjie*, ook in Amerika nog as 'n volksliedjie. Dit is in Noord-Carolina vyf-en-dertig jaar gelede opgeteken met die woorde: „The dying Soldier to his Mother.” Hoe dit daar 'n volksliedjie geword het, weet ek nie. In Suid-Afrika was die oorspronklike Amerikaanse liedjie in die laaste kwart van die neëntiende eeu populêr en was daar gebring deur die „Christy Minstrels,” groepe van sangers met swart-gemaakte gesigte wat in dié jare die groot mode in Musie Hall en Café-concert was.

Wanneer nou gevra word, waarom ek hierdie voorbeelde gee en ek meer toegee as verdedig, dan antwoord ek saam met die Franse, dat 'n mens eers agteruit moet stap om beter te kan spring. Want ek herhaal en nou met nadruk: Daar bestaan wel deeglik 'n Afrikaanse volksliedereskate van 'n behoorlike omvang en daaronder vind ons, soos by elke volk, liedere van uiteenlopende aard: slaapliedjies, liefdesliedjies — natuurlik 'n behoorlike aantal! —, spotliedjies, drinkliedjies, afskeidliedere, dansliedjies, selfs politieke liedjies.

Oor die aantal kan ons nog niks met sekerheid sê nie. Sommige optekenaars besit drie- tot vierhonderd voor-

beelde, daar is ander wat van duisend praat. Daaronder is ook die s.g. Liederwysies, waarvan die eerste opgetekende wysies voorkom in die boekie: *Liederen voor de Scholen der Zuid Afrikaansche Republiek* wat die onderwys-inspekteur H. Visscher van Rustenburg in 1896 uitgegee het. Een daarvan is Ps. 38 wat destyds nog in Hoog-Hollands gesing is:

„Groot en eeuwig Opperwezen!

Zeer te vreezen,

Straf mij in Uw gramschap niet!”

So 'n Liederwysie het in allerlei variante voorgekom, dit was mos 'n volksliedjie, en in die ver van mekaar verspreide streke het die mense dit hier só met „draaiers” gesing en daar weer met ander. Willem van Warmelo praat i.v.m. hierdie vrye manier van varieer daarom liever van „improviseer”. Ook maak hulle 'n wysie langer of korter, wanneer die lengte van die teks dit noodsaaklik gemaak het. Die selfde Liederwysie van Ps. 38 word bv. ook gebruik vir die *Voortrekkerlied*:

„Siet, wij skeiden van elkander

Hier op deze aardse, aardse dal,”

waarby die sangers op die end van dié melodie 'n paar note weglaat. En as ons by Van Breemen in sy *Schetsen en Beelden uit Zuid-Afrika* (1882) die teks van hierdie Afskeidliedjie terugvind, mag ons veronderstel dat daar nog 'n paar note afgeval het. Die oulike is darem, dat die wysie in aldie gevalle bruikbaar gebly het.

Dit was in daardie jare 'n algemene gebruik om op die wysie van 'n populêre liedjie van watter herkoms dit mog wees, ander woorde te skryf, waardeur dit vir die nuwe liedjie baie maklik was om ingang te vind. Later was dit dan partymaal maar swaar om na te gaan watter liedjie die oudste, watter die jongste was. In so 'n geval kan die geskiedenis van die volk wat soms sy neerslag in 'n eenvoudige liedjie het, ons verder help. So wys dr. S. J. du Toit by die *Nonnaslied*

„Mooie meisies, fraaie bloeme,

Al die meisies wil ek soene,”

op 'n opmerking van Multatuli, in sy *Woutertje Pieterse*, oor 'n „straatdeun” *Mooie meisies, mooie bloemen* wat geïmproviseer sou wees „op noten van Mozart”. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het mense die wysie van die *Nonnaslied* gebruik om die lied van die „blauwe bergen” te sing:

„Ziet gij daar die blouwe bergen,  
Waar onz' vrienden zijn verkocht?  
Door de vijand zijn gevangen,  
En zo ver zijn weggevoerd?”

Of die wysie wat Multatuli gehoor het, en die wysie van die *Nonnaslied* dieselfde was, mag ons betwyfel. Ons bespeur daar min „note van Mozart” in.

'n Groot aantal liedjies was en is gelukkig nog in gebruik by die volkspeletjies. F. T. Schonken het daaroor in sy boek oor *De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen* 'n halwe eeu gelede geskryf. S. P. E. Boshoff en L. J. du Plessis het 'n deel in 1918 uitgegee. In dié dae het die meeste aandag nog op die tekste geval; hulle wysies — die vernaamste van 'n volkslied — is nie altyd noukeurig opgeteken nie. Latere skrywers het daarvoor deskundige hulp gehad. Dr. S. J. du Toit gebruik in 1924 vir sy Amsterdamse dissertasie *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* die noteringe van die Amsterdamse musikus J. H. Garms. Dr. I. D. du Plessis het vir sy proefskrif in 1935 die steun van mej. Blanche Gerstman gekry. 'n Mens sou hierdie laaste boek: *Die Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse Volkslied* met die woorde van Willem Kloos „een daad van eenvoudige rechtvaardigheid” kon noem. Dit is mos die vrolike sanglustige Maleiers en ander Kleurlinge van die Suidweshoek van Kaapland wat 'n groot deel van die Afrikaanse (en Nederlandse) volksliedjies in die tye van miskenning en verontagsaming lewendig gehou het en wat hulle vandag nog met so 'n ontwapenende plesier sing, dat g'n mens hom daaraan kan onttrek nie. Wie hulle bv.

„Daar kom die Alabama”

hoor sing en dan daarby nog bekommerd voel oor die feit dat die wysie vermoedelik aan *Home, Sweet Home* ontleen kán wees, die is vir my 'n onverbeterlike Droogstoppel aan wie die wesenlike van die volkslied verbygegaan het. Want dit gaan daar in laaste instansie nie om wat die liedjie oorspronklik gewees het nie, maar om wat die volk daarvan gemaak het.

Kom ons breek met die ewige napratery, met die fabeltjie oor die armoede van die Afrikaanse volkslied. Die beste geneesmiddel vir hom wat twyfel, is om self te sien en te hoor, hoe die ontleende liedjies in die loop van die jare verander en daarmee tot positiewe bewyse vir die bestaan van die Afrikaanse volkslied geword het. 'n Spreekende voorbeeld het ons in die wysie van *Gertjie*, soos ons dit vandag sing, en die volksliedjie oor *The Dying Soldier* uit

Noord-Carolina. Albei is afkomstig van die selfde liedjie van G. F. Root 'n eeu gelede, maar met die verskillende tekste het hulle paaie uit mekaar gegaan. Om maar by bekendes te bly, ook *Sarie Marais* en *Ellie Rhee* soos Sep. Winner dit genoteer het, toon naas ooreenkomste — natuurlik! — aanmerklike verskille. Ons sal dieselfde waarneem by die vergelyking van die wysie van *Home, Sweet Home* met dié van *Die Alabama*, *Die Skone Bruid*, *Al Slaan my Ma my Neer* e.a.

Ek hoop dat dit duidelik is waarom ek in my praatjie oor die Afrikaanse volkslied nie skroomvallig was om ook voorbeelde van ontleende wysies te gee nie. Ek kon dit doen, omdat dit vir my vasstaan dat die Afrikaanse volksang destyds sterk genoeg was om vreemde indringers nie alleen op te neem nie, maar ook om hulle só te vervorm dat hulle as tipies Afrikaans erken en herken kon word. Liedjies wat hierdie vervormingsproses nie kon ondergaan nie, omdat hulle dermate die kenmerk van hulle afkoms gedra het (verskillende Duitse en Ierse liedjies in die F.A.K.-VOLKSANGBUNDEL van 1937 bv.), het vreemde liedjies gebly, ondanks hulle nuwe, Afrikaanse woorde.

Een van die verblydendste tekens van die kulturele mondigwording van die Afrikaner is die diepere besinning oor die wesenlike van die eie volkslied. Tydens die Buitengewone F.A.K.-Kongres oor Afrikaanse Volksmusiek in 1957 te Stellenbosch het die voorsitter van die F.A.K.-Musiekkommissie, Anton Hartman, meegedeel dat 'n groot aantal liedjies wat vreemd gebly het, na die radikale hersiening van die sangbundel deur eie, Afrikaanse liedjies sal vervang word.

In Desember sing die Hollanders van: „Vol verwachting klopt mijn hart”. Nog beter is dit om te eindig met die woorde van Jan van Riebeeck: „d' Uytval staet ons met der tijd te ervaren.”



BAREND J. TOERIEN:

## Brief Huis-toe

*Met Winter kom ek weer terug,  
verwarm my dan aan julle harte.  
Maar kan ons nog die kloof oorbrug?*

*Van my teleurstellings en smarte  
sal ek stilbly, nie my hart lug  
oor my geswerf, waarom aparte*

*paaië ons moes volg. Verwarm my,  
verwarm my dig aan julle harte.  
Ek vra niks as: omarm my.*

*Ek is totaal verstrooi, my parte  
lê aardvol, vind ek nie weer terug.  
My mense o my mense gee my jul harte.*

## Boland

*Die bome, die berge, die groen kokkewiet  
so helder geprent op my agter-toe-oë!  
Iewers diep in my hou ek heel die geheel  
en sing die helder landskap se lied.*

*So onthou ek die Boland: die hoë  
gestapelde berge, die vleie — so veel.  
dat dink ek, droom ek van die dierbare gebied  
sien ek in my ooghare geskysde reënboë.*

*Hier as hul hoor van jou, wie sal glo as ek roem,  
my heelal geheel-en-al, my lugkasteel land,  
as ek roem jou skoonhede, hul een vir een noem?  
Hoe kan hul weet hoe jy brand in my, brand  
en torring met verwyf, hoe my hart, my keel  
klop, my knel, ek snak van verdriet?*

## Oompie Org se Ander Storie

*Ek kom een aand op Stellenbosch  
en hou toe stil voor die hotel  
toe skud 'n vrou haar hare los  
op die balkon, 'n Jezebel  
in blink-sy aandrok uitgedos.*

Ek volg want met haar linkeroog  
en met haar mond se donker skyf  
met, sigbaar bo haar elmboog,  
die sagte ronding van haar lyf  
lok sy my na haar omhoog.

(Die liefde is 'n skaars produk  
al skaarser soos jy verder gaan.  
Die hart is 'n reisiger, graag verruk;  
die heuglike warmte wat ontstaan,  
die digte haarvag stil 'n snik).  
Dog toe'k haar in my arms hou,  
ek eindelijk in my arms het  
die sagte pragstuk van 'n vrou  
spiraal rook van haar sigaret  
en laat my opskrik, van haar weerhou.

Want, wat my drome nooit ontwyk  
glinster in die rook, jou helder hare!  
Ek los haar uit. Die nag bereik  
ek laat my bed en met 'n nare  
gevoel kompleet ek was in slyk.

Al suiwer ding wat daar bestaan,  
jou helder hare! dierbare gesig!  
Soos malende speke van die son  
lei jy my voor, o helder lig  
daarsonder stik ek en vergaan.

Die maan skyn koud, die silwer ding  
dit skyn oor my soos ook oor jou  
dog duisend myle my liefling  
en duisend dinge skei ons, hou  
my ver van jou, 'n vreemdeling.

As ek die rowe van my smart  
openlik afkrap een vir een,  
moet wys die wonde, en my hart  
laat oorhand kry sal hy alleen  
kan vra, Waarom, Waarom is ons apart!

Ek was in baie plekke al  
en het al baie rondgereis  
en orals was jy, sien ek pal  
jou blond en teer voor my verrys  
— koel balsem teen die nastergal.

Maar nou as ek jou beeld sien, as  
ek sien jou hare my helder son  
dan gloei ek duiselig van wellus  
en voel die mond van die balkon-  
vrou warm gedruk teen myne vas.

## Staan en met 'n Skerp Oog

*Staan en met 'n skerp oog  
soek vorms in die donder-  
wolke met sonsonder,  
of gryp die sewe-kleure boog,  
die yl-beaarde wonder  
vas in jou hand en sê: Dis wat gebeur  
as lig deur vog filtreer,  
eenvoudig, na reën die reënboog.*

*En as die wind tekere gaan  
en gryp en los die bloekombome  
die takke in sy nette vang,  
vergeefs dat jy probeer  
vasklou aan alles om te verstaan,  
die wind uitsif tot sy atome,  
die name noem. Jy maak my bang —  
Die wind, die wolke is ons drome  
waarsonder ons vergaan.*

A. ALBERTS:

## Boodskap van die Roos

(Vertaling van *Song of the Rose*, soos opgevoer deur die koor van George Hofmeyr Nywerheidsskool op Standerton. Meisies word as blomme voorgestel; en die feetjie wat die boodskap ontvang, reis statig in 'n roosknop op 'n denkbeeldige liefdesbootjie.)

Is hier in die tuin 'n roos,  
'n blom wat woordeloos  
getuienis  
van liefde is?  
Laat dit by hom  
as boodskap kom.  
Om my liefde oor te fluister,  
dat my beminde kan verstaan,  
moet tere rosies luister,  
en dan na hom toe gaan.

Roos waarop die dou se druppels slonker,  
wie se gees verfris die skemerdonker,  
lank het ek getwysel en gewysel.  
'n Roos alleen kan hom vertel;  
dra dus die boodskap snel!

Uit die blomme wat hier staan  
moet net 'n rosie gaan;  
in helder kleure  
op sy geure  
na hom toe vaar  
om te verklaar:  
Hy alleen is my beminde,  
maar my tong verswyg die feit.  
Verklaar dit op die winde  
oor die oneindigheid!

Roos wat op jou geure swewe,  
sê vir hom aan hom behoort my lewe.  
Fluister jy dit wat my mond nie waag nie:  
dat niemand my soos hy behaag nie.  
Gaan, Skoonste Rosie, gaan...

## Vlug

„Gister was daar sewe gryses . . . sewe gryse . s . . . se . . .  
w . . e . . Daardie rooie gaan wegrol!”

Gille tril deur my brein; groot rooi balle kom op my aangeslinger. My smagtende hande reik na die gryses . . . ek tas en raak. Ek struikel oor die hoop rooi balle . . . Ek moet die gryses drink het die psigiater gesê . . . die gryses . . . Pyn skiet deur my hoof as dit die kraan tref, maar ek drink net. Drink . . . Groot teue van die lou-warm water en dan die grys pil. Dis skielik bitter en ek weet dit was 'n rooie. Ek drink nog water . . . nog baie water. My voorhoof is klam en my mond wrang en bitter.

Ek soek weer die grys pille . . . hulle was anderkant die rooies. My ingewande ruk skielik . . . ek ruk vooroor en hoor hoe val hulle grond toe.

Ek wil bid, skree, vloek, smEEK dat hierdie swart naardheid moet wyk, dat hierdie haatlke, rukkende liggaam van my moet sterf. Ek wil hierdie groot honger voed.

„Die gryses,” het hy gesê, „as dit te erg word . . . ” Die gryses.

Ek kruip besete op die vloer rond. Wat soek die stoel op die vloer! Iets breek as ek die stoel teen die kleedtafel slinger. Daar is een! Groot en grys kom die pil oor die hobbelige vloer op my af. Dit word 'n haastige glyende brander. Ek gryp dit met bewende, gretige, rukkende hande. Ek sluit my oë en sluk.

Ek kantel na die bed toe, hoor met 'n dowwe skok die gekraak as ek iets stukkend trap . . . 'n gryse, of 'n rooie . . . gryses . . . 'n gryse . . . Maar dan rus ek, salig en wit. Groot orrelpilare steek rondom my op. Die wit mat swewe. Die blou-wit lug en die water is vrede.

So slaap ek nou vir duisend nagte . . . die voëlsang sal my wek. Die . . . sierlike swaai van die raaf as hy afduik, dié . . . lyk . . . so bekend!

Verbysterd kreun my gemartelde wese: „Dis weer so!” En dan weet ek. Moedeloos en skeurend-seer, dat hierdie dapper, loom slape wat ek nou snags slaap nie help nie, dat hierdie drome half-gewens en onvervul is.

Grynsend staar 'n leë bottel my aan en krummels van 'n pil sidder in die doodsgreep op die grond. Die rooi pille swaai weer rond, pak om die gloeilamp. My liggaam ruk

en gly in die rooi . . . maar die swart raaf se vlerke kom sidderend nader. Ek pleit met 'n verlange wat wil afweer en omhels, want ek weet dis sy hande . . . dis Carl s'n!

Al die ou verlange ruk wanhopig by die honger verby.

En: „Dis sy hande!” juig my arme verslaafde gees verheug, onthou skielik hulle warm, ferm krag en beskerming, kreun met 'n pyn-deurdronge blydschap as die raaf se oë glinster . . . glinster . . .

„Dis blou!”

Blou oë, sag en diep en innig. Pleitend en dringend. Die honger klou harder aan die keel van my verlange — hierdie haatlike, ewige verlange! Hierdie verwronge skyn van saamwees in die nag, in my drome!

„Dit is sy hande, sy oë!” pleit my verlange hartseer.

Die honger troon groot en afskuwelik voor my. Die raaf se vlerke bewe . . . bewe . . . Sy . . . sy . . . oë word weer hard! O! Daardie laaste wanhopige erkenning van my op die blou!

Skielik bemin ek die honger wat honend wil opstaan. Ek pleit dat dit die seer van die blou in sy hande van my gesig moet afweer. Ek reik na die blou papier wat aanhou neerkom . . . neerkom . . . en smee en pleit.

En toe kom sy! O! Daardie haatlike gesellin met die venyn in haar neerswiep, die blinkswart, grasieuse vlerkslag!

Die honger buk af en ek voel sy afskuwelike asem. Ek wil die verlange maar terugroep, maar ek kan nie meer nie. Nie meer nie, want dit is twee-uur. Twee-uur soos elke nag, twee-uur . . . twee-uur! Ek wag vir die ruk van die nag-wind aan die gordyne, en die bekende rammeling van die treinwiele. En as dit kom, stuur dit 'n rukkende skok deur my liggaam. Slaafs luister my ore maar, en die ragfyn witheid streel my hare, streel . . . Ek gil hard en beangs en skeur die fyn wit streling in waansinnige repe en repe en repe. Knellend en aanhoudend pers ek die lewe uit sy gespierde nek — hard en wreed en seer, aanhoudend. Die oë wat ek liefhet peul uit! Hulle peul uit! Groot en blou en smekend . . . Carl!

'n Swart katjie lê onbekommerd en droom toe ek my hand uitsteek na die rooi stippel op die tafeltjie. O! Vir so 'n doodstil rus . . . vir so 'n slaap! Groot rooi balle rol oor hom — sy bene druk komieklik weg van sy liggaam.

„Rooi,” het hy gesê, „Rooi as jy weer wakker word.” Rooi. Die laaste slaap is altyd so. Rooi, wiegend, onseker en pynigend. Meneer Du Toit is ook daar. Hy het gister gesê ek sal moet beter werk lewer as ek my pos wil behou.

Werk? Werk! Die geld sal nog gryses koop... gryses... en rooies. Dis hy wat hierdie honger is! Die egoïstiese, afskuwelike bees!

„Juffrou De Villiers, jy is weer laat!” of: „Daardie blompot het vier ghienies gekos.”

Die blompot was blou. Blou soos Carl se oë. Die dorings op die buitekant was blou staalpunte. Reguit in my oë boor hulle! Hulle wil my herinnerings dood! My verlange! Die prikkels was in my hande toe ek die blompot teen die muur slinger!

U kan nie verduidelik nie, nie verduide... nie verdui... ” Meneer Du Toit se woorde is rye blou blompotte. Daardie blou, skerp dorings! Ek gil en weer die seer af. Duisend seer akkoorde slaan musiek in my willose ore. Dan sien ek drie kolle op die vloer... grys kolle. Drie gryses... My slaapmoë hande reik daarna... maar hy het gesê in die aand... in die aand...

Die lug waardeur die sonlig straal is grys en rokerig. Ek tree maar oor die slapende swart figuurtjie op die vloer en maak bewend-moeg die hangkas oop. „Carl...” My gedagtes verstil as herinnerings by die honger verby-worstel.

„Hy het gesê groen pas by my hare, my oë...”

Ek druk die groen rokkie styf teen my trillende liggaam, en ek bid weer, wil weer vloek en doodmaak! Swaar parfuumreuk vul die lug wanneer ek die rok kletterend oor die spieël gooi.

Hier lê die vervloekte rooi gif! Hierdie verdowende dodelike grys! Ek tel die flarde van my kantgordyn op. Gisteraand was dit dan die gordyn. Die aand voor gisteraand was dit die deken.

Al die pyn en verwarring druk my keel toe! Ek sluk en wil huil maar ek kan nie! Ek weet nie hoe nie! Hier's 'n opgegaarde dam in my — geweldig groot — vol smart. Ek hoor die etensklokkie lui, maar gaan nie eet nie. Ek het dae laas geëet.

Ek buk en tel al die rooi en grys tablette op. Vannag moet ek weer slaap en veg... en vlug.

Meneer Du Toit het vandag weer gesê my werk moet verbeter. Ek steier die trappe op: een, twee, drie.. vier... vyf.. ses.. gister was hier sewe trappe! Ek val die kamer binne; daar was sewe. Ek verstok toe ek die dooie swart kat onder my bed sien.

Onmiddellik gryns die honger: Gister was daar sewe gryses... sewe... sewe gryses. Ek tas en gryp wanhopig, waansinnig, *honger*.

Baie water en dan die pil. My ingewande ruk. Here! Dit was weer 'n rooie! Die haatlike, bitter gal-pille! Die mislike duisternis storm weer in. My liggaam ruk... ruk...

Ek weet nie hoe het dit in my handsak gekom nie! Dit was koud en klein en van staal.

Ek dwing my rukkende liggaam regop.

Al die ou seer van die nagte en die verlange van die dae beur onder die arm van die honger uit en pleit met skrynende afwagting om nou, nou dat alles te groot, te seer en te werklik is, verlos te word... pleit.. en pleit en pleit...

Daar lê hulle! Ses gryse... ses... gryses! Die pistool het die glas van die blad van die kleedtafel in sy val gebreek. My rukkende hande het reikhalsend gestrek. Ek sluk, en voel harde seer saam met die water in my keel afgly. Ek wou ook mos lewe.. lewe... LEWE!

Die mat van wit het weer geswewe, die raaf se oë was weer blou. Die trein het twee-uur weer gerammel. Ek wou weer vloek en bid en smee en doodmaak.

My hande het weer gesoek en getas en gepleit...

Die staal van die pistool was koel en vriendelik.

Die nagwind het die rooi pilletjies van die tafel afgerol, en toe hulle op die plankvloer land, het hulle stil langs mekaar bly lê.



## Preludium

*Men noemde U het donkere werelddeel,  
Donkere melodie in 't wisselspel der volken —  
Land, wie 't lieflijk geglooi der heuveln  
Noch 't tovergesuis der woudeu, noch 't keuveln  
Der swaattende vogels vielen ten deel.*

*Land, wiens ziel met de baaierd verdween,  
Toen de waters van de aarde zich scheidden,  
In het rozige kriecken der tijden,  
En de gloeiende adem verstarde tot steen.*

*Land, waar men rilt in doorzoude valleien,  
Waar ons de berggeest verlokt en bekoort,  
Eu in de meetloze ruimten 't schalmeien  
Van onze roepeude stem wordt gesmoord.*

*En toch is de mens aan uw voeten gezonken,  
Die de roes uwer verten ooit heeft gedronken,  
De kleur uwer bergen, de geur uwer bomen,  
En ter bronsttijd de stem van de leeuw heeft vernomen.*

*Land tussen polen, van zonlicht en duister,  
Waar deeszijds des bergpas' zingt 't wiegend gefluister  
Van 't goudrijpe koren, de hymne van 't leven —  
En over de berg, door de zandstorm gedreven,  
De dorre woestijn zucht in blakende gloed,  
En de opmars stuit van de menselijke voet.*

*Uw ruimten doorvorsend, op zoek naar uw wezen,  
Uw donkere ziel, trok de zanger door 't land.  
En eenzaam heeft hij in uw aanschijn gelezen  
Het eeuwige schrift van des Scheppers hand.*

*Hij keerde terug en greep vast in de snaren,  
En klanken ontsprongen, in den avond laat...  
Die zich nu tot melodie, de donkere, paren,  
De zingende spiegel van uw gelaat.*

(Uit: De Donkere Melodie)

## Sterven doen wij Duizend Doden . . .

„Und alle Lust will Ewigkeit“  
Nietzsche.

*Sterven doen wij duizend doden.  
In ons leven, dag aan dag.  
Ieder uur dat ons geboden  
En nooit weerkomt, is een dode  
Die geen kruid meer helen mag.*

Sterven is in 't niet vervlieten,  
Aard — en stofnoodlottigheid.  
Hopen, wensen en genieten,  
Sterren die aan 't zwerk verschieten,  
Vonken der vergankelijkheid.

Al mijn zuchten en begeren,  
Al mijn lusten, brandend heet,  
Moeten eens in 't niet verkeren —  
Doen mijn heimwee nog vermeren,  
En vergroten pijn en leed.

Ach, dit eeuwig, eeuwig sterven,  
In den kring van ruimte en tijd —  
Breekt mijn hart in duizend scherven,  
Laat mij nooit het hoogste erven:  
„Alle Lust will Ewigkeit”.

Laat mij dus de vleugels reppen,  
Stijgen uit het aardse stof.  
Laat mij het sublieme scheppen,  
Dat ook nooit meer zal verleppe,  
Tot des Scheppers eer en lof.

Kom, extase, laat mij minnen,  
Laat mij zingen 't hoge lied —  
Tot de dood zal overwinnen  
En het „eeuwig nu” beginnen  
En mijn oog de Godheid ziet.

Als dan komt, in donkre verven,  
't Einde, de allerlaatste dood —  
't Einde van het eeuwig sterven,  
Zal mijn ziel alsdan verwerven  
't Eeuwig godlijk morgenrood.

LORENZ SCHULTZ:

## Marcel Breyne 70 Jaar

Bertholf Biekens was die skuilnaam waaronder die taalgeleerde gedurende die eerste kwart van hierdie eeu as digter bekendheid in die Vlaamse land, sy eintlike heimatland, verwerf het. Maar dis as Marcel R. Breyne, doktor in die wysbegeerte en letterkunde, dat hy in ons Suiderland ongetwyfeld 'n groot taak verrig en vir Afrikaans prestige in die buiteland verwerf het. Geen geringere as ons destydse eerste minister, generaal Hertzog, het Breyne in 'n brief aan hom (1925), „'n uitnemende vriend van Suid-Afrika” genoem.

Op 25 Februarie 1960 het hy die geseënde leeftyd van 70 bereik. Dit is dus gepas dat ons aan dié verdienstelike geleerde, wat vir die lesers van ons tydskrif geen onbekende is nie, by hierdie geleentheid dank betuig.

Waarskynlik min Afrikaanssprekendes sal hulle die digter Bertholf Biekens herinner. Hoogstens 'n stanza of twee uit sy oorlogsliederebundel *De Weergalm*, geskryf in ballingskap gedurende die Eerste Wêreldoorlog as antwoord op die *Noodhoorn* van die bekende stryddigter René de Clercq, sal miskien nog ronddwaal in die agterhoofde van diegene wat die bundel in 1925 (by Van Schaik, Pretoria) en daarna as voorgeskrewe werk op Transvaalse skole onder oë gehad het. Na 1925 swyg die digter in hierdie man, soos vroeër ook sy groot voorloper en landgenoot, Guido Gezelle, vir 'n lang tydperk geswyg het.

Die naam van die wetenskaplike, Marcel R. Breyne, bring egter dadelik dié man in gedagte wat in 1924 gekom het om saam met Sangiro na die Oos-Afrikaanse leeuwêreld te trek en in die meeste stede van die Unie die merkwaardige voordragte gehou het oor die groot digters en skrywers van sy Vlaamse volk, Gezelle, De Clercq, Timmermans e.a., dié man wat as eerste uitruil-professor (1930-32) aan die destydse Natalse Universiteitskollege, Pietermaritzburg, kom doseer het, dié man, wat in 1938 by die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument die roerende oproep tot Dietse eenheid gedoen het. Baie Afrikaners sal hom ook onthou as die Vlaming wat hom in 1950 op uitnodiging van wyle dr. D. F. Malan uit Duitsland in die Unie kom vestig het en eers by die Suid-Afrikaanse Inligtingskantoor en later as Senior-Opleidingsbeampte vir immigrante by die Hoofkantoor van die Suid-Afrikaanse Spoorweë werksaam was.

As hoogleraar in die Nederlandse en Afrikaanse taal- en letterkunde aan die Friedrich-Wilhelms-Universiteit in Berlyn en later as lid van die „Deutsche Akademie” in München het hy onskatbare dienste vir die Afrikaanse letterkunde gelewer. Hy was immers die eerste om Afrikaanse gedigte en ook die roman *Somer* van C. M. van den Heever in Duits (Deutsches Verlagsbuchhaus, Dresden, 1937) te vertaal. In 1956 het ’n tweede druk van sy veelbesproke *Grammatika van die Afrikaanse Taal* in München verskyn. ’n Beter handboek vir die Duitse student wat Afrikaans wil leer, moet nog gesoek word. „Die verskyning van hierdie boek moet as ’n heuglike gebeurtenis begroet word,” skryf dr. G. Preller op 15.8.36 in *Die Volkstem*, Pretoria. En die eerste gesant van die Unie in die Nederlande, dr. H. van Broekhuizen, skryf in ’n amptelike brief aan hom (6.11.33): „Wees oortuig van een ding, dat nie alleen ek maar heel wetenskapelik Suid-Afrika u werk hoog op prys stel en u alle sukses toewens in u verdere arbeid wat pionierswerk is.”

Op die oomblik is hy onder meer besig met die vertaling in Afrikaans van ’n min-bekende toneelstuk *Le Temps viendra* (Die Tyd sal kom) van die befaamde Franse skrywer, Romain Rolland, wat die Tweede Vryheidsoorlog as tema het.

Ook as inspirerende gees het Marcel R. Breyne ons ’n groot diens bewys. Hy was nie net die mentor van baie van ons vooraanstaande taalgeleerdes nie, maar is immers dié man aan wie Sangiro se groot rolprentekspedisie na Kilemandjaro 1924/25 en wyle C. M. van den Heever se laaste reis deur Vlaandere — en die letterkundige resultate daarvan — te danke is.

Hierdie kort opsomming van Breyne se prestasies ten opsigte van Afrikaans sal nie voltooi wees as ons nie ook daarop wys nie, dat hy in Duitsland tot doktor gepromoveer het op ’n proefskrif: *Der Einfluss Guido Gezelles auf die Südafrikanische Literatur mit einem Hinweis auf die lautliche und lexikalische Verwandtschaft beider Sprachgebiete*, en die *Venia legendi* aan die Berlynse Universiteit op grond van ’n wetenskaplike studie oor: *Entstehung und Wesen der Afrikanische Sprache* verkry het.

Met hierdie opsomming is die beeld van hierdie onstuipe gees egter ver van voltooi. Juis omdat ons — en met ons bedoel ek die huidige jong geslag — so min van Breyne, die digter, weet, is dit goed dat ons (al is dit rake-lings) van sy werk as digter en skrywer kennis neem.

In Rodebeke (Frans-Vlaandere) uit Wes-Vlaamse ouers



*'n Onlangse foto van Prof. dr. Marcel R. Breyne,  
by sy woning in Durban geneem.*



*Prof. dr. Marcel R. Breyne, links in die wit klere, op besoek by die digter, Jan F. E. Celliers, aan die woning van laasgenoemde se skoonseun in Johannesburg in 1938.*

gebore, het hy in Roeselare (Wes-Vlaandere) die stad van Guido Gezelle, skool gegaan en grootgeword. Langs moederskant is hy 'n neef van die groot Vlaamse digter-denker en stryder vir die erkenning en behoud van die Vlaamse kultuurgoed, Cyriel Verschaeve, vir wie hy, saam met al wat opregte Vlaming is, groot eerbied en liefde koester.

Naas medewerking aan destydse vooraanstaande Vlaamse letterkundige tydskrifte soos *De Bickorf*, *Dietsche Warande en Belfort*, *Jong Dietschland* e.a., was hy uitgewer (1911-14) van die letterkundige en folkloristiese maandblad *Nieuwe Wegen* (Brugge). In 1912 verskyn sy eerste digbundel *Uit Dagen van Jong Leven* by J. Vermaut te Kortrijk en 13 jaar later *Zwart en Goud* onder sy eie naam by Excelsior, Brugge-Den Haag met die merkwaardige, by ons te min bekende *Huldegroet aan Paul Kruger, 1825-1925* deur Cyriel Verschaeve. Tydens die dertien jaar is hy egter nie onledig nie. In die Eerste Wêreldoorlog skryf hy gedurende sy ballingskapjare in Duitsland sy digbundel *Uit mijne Ballingschap* en sy bundel vaderlandse liedere *De Weergalm*, waarvan in die begin reeds melding gemaak is.

Ook op die gebied van die toneel was Breyne arbeidsaam. Sy *Humana Comoedia* op patroon van die middeleeuse misteriespel, in drie dele en 12 taferele, het, ten gevolge van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, nooit volledig in druk verskyn nie. Slegs die eerste twee dele daarvan is in 1913 in Jaargang I, van *Nieuw Vlaanderen* (Uitg. Drijvers-Viskens, Werchter) gedruk.

Dit was egter met sy Bybelse massaspel *Samuel* (Vermaut, Kortrijk 1912) in drie bedrywe en een naspel, wat deur sy vriend, die te vroeg gestorwe Brugse toondigter Adolf De Graeve, getoonset is, dat Breyne as toneelskrywer die aandag op hom gevestig het. (Die volledige besetting van *Samuel* vra altesaam 250 spelers, koorstemme en orkeslede).

Wat betref prosa uit sy hand, afgesien sy taalkundige studies, vestig ek die aandag op 'n bundeltjie essays *Am flandrischen Kamin* (Aan die Vlaamse Haard) waarvan 'n Vlaamse vertaling verskyn het en die verhale van sy reise na Suid- en Oos-Afrika *Deutsch-Ostafrika ruft!* (Sefare Verlag, Berlin 1926), en die merkwaardige boek *Süd-afrika, die Zukunft* (Morawe & Scheffelt, Berlin 1926), wat aan wyle generaal Hertzog opgedra is. Hierdie reise het hy gedeeltelik saam met Sangiro onderneem as leier van die Ufa-Filmekspedisie wat 1924/25 in Oos-Afrika opnames kom maak het.

Bertholf Biekens (Bertholf, 'n oer-dietse naam) —

Biekens, seun van die by (in die Wes-Vlaamse streektaal word 'n by „'ne bie" genoem) — hoe pas hierdie name Marcel R. Breyne nie! Opregte Vlaming is hy en 'n Dietser in murg en bloed. Besig is hy ook, soos die bye, steeds besig om vir die behoud wat Vlaams en Afrikaans is, te stry. Tans — na 35 jaar — opnuut besig om die skoonheid en grootsheid van die „ewig-lokkende Afrika" te besing!

Toe ek hom onlangs aan sy wit huis by die blou waters in Durban besoek het, vanwaar hy 'n weergalose uitsig op die ewige, rustelose spel van die Indiese Oseaan geniet, het hy met 'n heldere, kragtige stem uit sy jongste digbundels *Het Lied der Karavaan* en *De donkere Melodie* voorgedra:

Wat bergt de donkre schoot van de Oseaan?  
Ons aardse blikken blijven meestal aan  
Het dartel kroezelspel der golven hangen.  
De blauwe diepten die het oog hier ziet,  
Zijn niet de afgrond en 't geheim ook niet,  
Doch slechts het wolken Spiegelbeeld hier opgevangen.

Op 'n leeftyd wanneer die meeste digters lankal hulle bloemlesings en miskien selfs hul Memoirs geskryf het, begin hy hier onder ons, stil en verborge, opnuut te dig, onstuimig te sing oor die oerkragte van Afrika, ons eie land, oor die grootheid van die skepping, die groei van magte wat nog slegs vermoed word:

Mysterie van de nacht dat mij bedrukt,  
Afgrijzelijke diepten zonder grenzen,  
Waarin mijn geeste, aan 't aardse stof ontruikt,  
Zoals een pijl door alle ruimten rukt  
Naar 't onverbodlijk einddoel aller mensen.

Wat ons bewonder, is, dat hy egter nooit verval in 'n onheilvoorspellery nie. Nimmer hoor 'n mens 'n toon van moedeloosheid of selfbeklag nie. Dikwels blits humor en fyn spot, maar nooit die meedoënlose soort nie, uit die grys oë onder die borselige wenkbroue terwyl hy voordra, besing hy die nietigheid van die mens en die ironiese in die lewe, plooi daar 'n paar fyn lyntjies om die gevoelige neusvleuels en die ekspressiewe mond asof hy wil sê: „Toe maar, ek is een van hulle en ek lag maar net 'n bietjie vir myself," soos Faustus in sy *Humana Comoedia*, die gestruikelde waarheidsanger agterna sê:

Op aarde is hy mens en zal het blijven  
Wij hebben al de duivel in ons lijven.



Onderliggend aan dit alles is 'n diep-ernstige strewe na die waarheid, 'n mistieke hunkering na die ewige, 'n vrome blik by-die-dood-verby na die ewig-skone. Heel sy wese is 'n groot harp wat gestem is deur menseliefde en waaruit steeds die melodie oor die gebondenheid deur dieselfde aardse noodlot (geboorte — lyding — sterwe) vloei.

Een gouden band bindt alle mensen samen,  
En een in liefd' zijn zij ook een in vreugd' en nood,  
Gelijker oorsprong, waarvan allen kwamen,  
Bindt hen te zamen ook dezelfde dood.

Die jongste werk van hierdie Vlaamse bard is die voltooiing — eintlik 'n herskrywing of herskepping — van sy *Humana Comoedia*, wat in die trant van die ou *Commedia dell'arte* geskryf is. Hierin word die ewige stryd in hierdie wêreld tussen die Goeie Geeste (beliggaam in die digter as waarheidsoeker) en die Bose Magte (die Wêreld en sy trawante) in woord en klank uitgebeeld. Groots van opset, is die werk volkstoneel van die hoogste kerf en van 'n suiwer liriek wat myns insiens die kroon op sy hele digterlike oeuvre span.

Ek het in die inleiding gesê, dat ons by hierdie geleentheid ons dank aan Breyne, die wetenskaplike, betuig. Ek voel dat ons ook vir Breyne, die digter, moet dank, want *Humana Comoedia* wat op ons bodem hier finale gestalte gekry het, is 'n geskenk aan sowel Suid-Afrika as aan die Vlaamse volk — „ook my eie mense” — na wie die sewentigjarige nog diep verlang, maar onder wie hy waarskynlik nie meer sal kan woon en leef nie.

Miskien kan ons Marcel R. Breyne die beste dank en huldig met 'n aanhaling uit die „Voorwoord” wat Jan F. E. Celliers vir die spesiale uitgawe van sy bundel vaderlandse liedere *De Weergalm* 1925 geskryf het:

„Ons in Suid-Afrika druk Marcel Breyne se hand. ons verstaan hom. Ons voel dat ons met hom een van sin is in die stryd vir reg en sielsvryheid, wat nie tot eie vaderland sal of kan beperk bly nie. Dit was vir ons 'n genot en 'n opbouing om . . . met die geesdriftige, lewenslustige jongeman kennis te maak. Hy is een van die mensheid se

## Die Lelieblom

'n Lelieknop lê op die water so blou.  
Maria het haar Kind teen haar boesem gehou.

Die lelie vou oop, soos goud is dit geel!  
Maria se seuntjie het voor haar gespeel.

Die lelieknop groei tot 'n blom, o so skoon!  
Maria se seun is tot Koning gekroon.

Die lelieblom breek, die stiel's vergruis.  
Maria die ween voor haar Kind aan die Kruis.

Maar weer styg die blom uit die blou van die meer.  
En weer het die Seun tot die aarde gekeer!

Aanskou dan, o mens, daardie haelwitte blom:  
dis Liefde wat graf en wat dood kon oorkom!

## Die Sneeuolk

Die woud kreun aanhoudend. Dit storm en ys.  
Die sneeu maal van bo af. Geen pad meer te wys.  
Kon ek maar vlieg — en ver hiervandaan  
bokant die woud deur die sneeuwolke gaan!

Geklem in 'n boomvurk, aan wag op die dag!  
Gedreun en getrappel, getrom deur die nag:  
(o wie sal één mens in die toorwoud behoed?)  
hier snel figure, so duister as bloed,

onder my boom in mal troepe verby.  
Gesigte soos ysblokke draai hul op my.  
'n Naguil skel bo op 'n bitsige noot:  
„Klou vas aan die boomstam — die sneeuolk bring dood!”

'n Swart een daaronder waai wild met 'n pop:  
die oë, halfope, beweeg in die kop —  
half soos 'n plant en half soos 'n kind.  
Sneeuwlokke storm omheen in die wind.

Dit voel my: nooit sal die sonlig weer kom,  
en nimmer outvlug ek die woelige drom.

## Geen Kind van Mens

'n Poel, 'n afgrondelike kuil in die woud.  
Opeens tree 'n kind deur die kreupelhout.  
Praat niks, maar in die oë te lees:  
dat dit geen kind van mens kon wees, —  
yler en ranker, skoner en droewer.  
'n Hek gaap langs die meer se oewer;  
'n standbeeld binne, 'n gekroonde heer,  
die oë van klip — die sien nie meer.  
Hy trek my verby die dwars gestaar.  
(Saamkom, anders verloor ons mekaar).  
'n Trap, dan 'n nimmereindigende saal.  
Die woud deur die vensters styg en daal.  
Die blare die bruis en sug so swaar.  
(Saamkom, anders verloor ons mekaar).  
Skielik vlieg daar 'n vensterluik oop —  
en dit vind ek waar ek nie meer op hoop:  
my hele familie die sit daar saam,  
Moeder staan op en roep my naam.  
Ek antwoord, maar dis of niemand my hoor.  
(Saamkom, of ons gaan mekaar verloor).  
Elkeen van hulle lank onder 'n steen:  
moet ek hóm haat wat vir my laat ween?  
Geen kind van mens, jy! Laat my gaan!  
(Saamkom, anders die weg laat staan).  
Weer in die woud, onder stergeflonker,  
wys hy die weg deur die angstige donker.

H. J. M. REDELINGHUYLS:

## So Is Ek Gebrei

*Eers het U my laat afsak  
in die looisuur van U bak  
totdat my aangebore vag  
verrot het en versag.  
Toe het U die nuttelose afgestroop,  
en my aan U breipaal vasgeknoop.*

*Met swaar gewigte aan my voet,  
soos een wat vir sy skulde boet,  
het U my met U slingerstok  
opgewoel teenaan die nok,  
en warrelend na benee laat draai  
waar ek duiselend heen-weer swaai.  
Met roffelklip het U my glad geskuur  
totdat my liggaam brand soos vuur.*

*En kyk nou net hoe blank is ek  
van al die skuur en al die rek!  
Al brand my liggaam ook soos vuur,  
sal ek dit alles weer verduur.  
U is my maker wat my brei,  
en vir die Ewigheid berei.*

## Herinneringe Aan My Wyk

*(Met verskoning aan C. Louis Leipoldt.)  
'n Druiwetros en 'n waatlemoen,  
water diep uit die donker put,  
vet en brood met moskonfyf,  
dis Riebeek se kos vir my ontbyt;  
dit onthou ek eer ek gaan dut.*

*Wurgpatat en boerpampoen.  
Ryk was ek toe en arm nou.  
Rustig geslaap onder 'n bloekomboom,  
prettig gespeel langs die waterstroom:  
dis kinder-rykdom om lank te onthou.*

*Arm was ek gister en nou is ek ryk.  
Riebeek se kos uit die kinderdæ  
lê baie ver in vergange se jare.  
Maar die herinneringe kan nooit vervaë.*

*Gister was ek vol van aardse sôre:  
wat sal ek eet op die dag van môre?  
Vandag is ek oud, en weer is ek ryk.  
Ryk in onthou van die vroeër dæ  
as kind in my lieue ou Riebeek-wyk.*

## In die Winteraande

Elke aand sien ek die blare wegval teen die yltes van die dag; sien ek die bone krimp wanneer die skemerluike voor die speen dun strale van die son toeklap. Dan stap ek vort; verby die beeskraal, hoenderhok tot op die rant se nek waar uitgelap die snygras teenmekaar geturk staan nes verklumde winterdonkies in die veld. Ek sien die klompies-klompies aandvoëls wes-wegsteier teen die wind, hul klouter skeef na bo, en vlerk die vérlug in, verwaai dan oor die wynrooi kim. My liggaam beef. Ek wonder of daar ryp vannag gaan kom — my wange vries al klaar, die koue knyp my vel persblou. Die nag het opgestaan en stil die laaste ligstreep weggegryp.

Maar in die nanag as die slaap nog wegskrik vir die koue van my lyf; die klok se silwerklank die ure stukkend slaan dan hoor ek êrens oor ons huis se nok 'n blonde uil se roep; sy ligte trap as ly gaan sit om temerig en fyn te steun en so sy eensaamheid en pyn-uierlangens in die koue oop te krap.

## O, Meisie Ek Verlang

Te vroeg het ek my jong hart oopgemaak vir daardie somber smeking in jou oë. Te vroeg in my die eiewaan gebreek en jou verasgod soos 'n dwaas wat naak en skand'lik in die jeugvlam van 'n vroeë drijf rinkink. En toe die vonkgloed ons verlaat, die hartstog stil geword het in die vlees, was jy die koue poel waarin my liggaam lê en beef — en het ek sonder om 'n woord te sê myself onttrek van al jou skande en jou smaad.

Maar nou dat elke dag en uur geslyp is tot 'n vreemde bitterheid van pyn en eensaamheid — die witvaal hartseer blind en skerp in my gemoed opspring; nou skryn die enkel wete nog; o, Meisie ek verlang, verlang soms bitter baie nog na jou!

## Jou Portret

Ek het jou beeld wat in die silwerraam  
daar teen die muur geskulp was, afgehaal  
en aan my voete neergegooi; jou skaam  
en tere glimlag fyngetrap, totdat  
die hartstog en die haat 'n stormwind in  
my was. O, Meisiekind ek wou my smart  
uitstort in daardie klein vernietiging,  
ek wou die dun string van herinnerings  
afruk en saam met splinters glas en ou  
portretpapier gaan wegsmyt op die vaal  
ashoop — Maar toe ek terugstap en die blou  
asspore agter my aan slinger, was  
die drif en roekeloosheid uit my lyf  
en kon ek my verstom vir daardie pas  
en nuutgebore pyn wat stil hier in  
my hart kom nesskrop het om ure later,  
toe ek bitter eensaam en allenig was  
jou beeltnis êrens uit die skerf en splinter-  
stukke van my siel te haal en helder aan  
my hart se donker muur te spyker.

Nou vra ek maar dat jy weer een moet stuur:  
'n silwerraamportret van jou — sodat  
ek later as die jare al my vuur  
en hartstog uitgebrand het en ek sat  
en moeg is van die hunkering na jou,  
die beeld kan afhaal van die muur en voor  
my bors kan druk totdat sy skerwe spat,  
sy duisend splinters in my hart kan boor...

MINNIE POSTMA:

## Vreemde Vryery van Tieko en Arrajaat

Oom Hennie Albertyn se laggerige blou ogies knip-knip so 'n paar keer en met die hand vee hy sy neuspunt eenkant toe voor hy begin vertel. Altyd van die ou dae in die Boland toe hy nog 'n seuntjie was. Deurentyd glimlag hy en jy kan sommer voel dit was lekker dae daardie. En die lekkerste was die stories wat die Boesmans hulle vertel het. Die vóórverteller was ou Tieko. Hy was al so oud dat sy tande stomp teen die vleise afgeslyt was maar as hy eers begin praat, kon hy nie sy ophou kry nie. Meeste van die tyd het hy vertel hoe hy aan sy vrou gekom het.

Hy het gewoonlik die storie dáár loop haal waar hy nog maar so 'n bietjie hoër as 'n bokooi was en sy oorlede vader hom geleer het om soos die ander Boesmans met die kop te baklei; om met 'n kerie 'n wildsbok dood te gooi; om uit 'n kapokvoëltjenes met 'n vuurklip 'n vlammetjie te haal, en van 'n kalbas en 'n skaapdermsnaar vir hom 'n ramkie te maak waaruit hy musiek getrek het met 'n strykstok, gemaak van die maanhare van 'n leeu en bestryk met die gom van die harpuisbos.

Maar dit was sommer aanvoerwerk, die eintlike lekkervertel het begin waar hy lief geword het vir die mooie Arrajaat wat met haar mense anderkant die duine in 'n grot gewoon het . . . naby 'n varswaterstroompie. As hy die aand vir haar gaan kuier, het sy ramkie vir hom die pad kort gemaak. „Aaie! Aaie!”

Een aand het hy ook weer so in die paadjie gedraf en geluister hoe mooi leeu se maanhare met droë derm en skaap gesels toe die grond skielik onder sy voete padgee en hy in 'n donker gat wegval. Dit was 'n kuil wat die witman gegrawe het om leeu in te vang. En toe die man die anderdagmôre gaan kyk watter dier deur die bedekking van sy vanggat getrap het, kry hy vir Tieko daar sit.

Dit het 'n hele paar kêrels gevat om die jong Boesman daar uit te kry, want hy het geveg soos 'n wilde tier en toe hulle hom bo op die grond het, was hulle verplig om hom in 'n buitekamer op die boer se werf te gaan opsluit sodat hulle hom kon tem.

Eers wou hy die vreemde boerekos wat hulle hom bring, nie eet nie, maar die honger het hom later daartoe gedryf. En al was dit vir hom aan die begin slegter as wat sleg

kan wees, moes hy maar eet sodat hy kan lewe. Naderhand het dit glad vir hom lekker geword. Dit het hom vet gemaak en hy was „naarhans” ook nie meer so wild nie. Toe hy mooi mak was het die boer hom uitgehaal en geleer om die werke op die plaas te doen. En sy taal te praat.

Hy het ook vir hom 'n hond gegee! „Aaie! Aaie!”

Tieko het baie lief geword vir die hond, én vir die witman wat dit vir hom gegee het. Maar dit was niks teen sy liefde vir Arrajaat nie. En baie aande as dit te donker geword het vir die werk op die plaas, het hy nes altyd vir sy meisie gaan kuier. Dan het die hond saam gegaan. Sonder hom sou hy nie loop nie, want die hond het altyd vir hom gewys waar daar 'n vanggat in die pad is of wanneer hulle naby die duiwel kom. Dan het die hond sy stert tussen sy bene laat sak en tjank-tjank al op Tieko se voete kom loop tot hy stilstaan. En so gou as wat die hond weer begin jag, het Tieko geweet dat die duiwel nou weg is. Dan het hy verder gegaan.

Nee, sonder die hond was dit gladnie veilig in die donker nie.

As Tieko by Arrajaat se grot aankom, gaan sit hulle langs die vuur. Hy en sy. Dan eet hy die elandsvye en tamaranke wat sy hom gee en vet wit uintjies wat sy self deur die dag vir hom uitgegrawe het. Of as die mans 'n nuwe heuningnes uitgehaal het, kry hy van die koeke een om uit te suig. „Aaie! Aaie!”

So sit Tieko en Arrajaat en gesels en eet tot die kole nie meer rooi is nie, dan krap sy die as weg en gaan sit hulle twee weer saam in die lekker warm gat waarin die vuur die hele tyd gebrand het en hulle kuier met mekaar tot die eerste hoenderhaan kraai. Hy vertel vir hulle dat die duiwel teruggegaan het na sy lêplek toe. En die pad na die boer se plaas weer veilig is vir Tieko en sy hond.

Hierdie gesukkel om vir Arrajaat so in die nag te gaan kuier, het later vir Tieko moeg gemaak; toe vra hy vir haar pa wat hy hom moet gee vir sy dogter.

Aaie, aaie! Hy wil 'n kalbas vol melk van Blinkoog-vrou hê! Daardie dier wat die witmense 'n tierwyfie noem.

„Hoekom die melk van Blinkoog?” vra Tieko en die ou man antwoord:

„As 'n man Blinkoog kan melk, sal hy sterk genoeg wees om 'n vrou en haar kinders te beskerm teen al die wilde diere wat so 'n gevaar is vir ons mense.”

Dis vir jou 'n ding die! Tieko sal nou 'n tier moet soek om te melk. Maar hy is vreeslik bang vir daardie groot kat met die streepvel. Hy weet ook dat 'n wyfie wat in



melk is nog kwaaiër is as 'n gewone tier. Nou staan sy kop stil, want eenkant van die vuur sit die grootbang en aan die anderkant Arrajaat, en vuur is 'n ding wat 'n mens maklik dood kan brand! Hy weet nie eers waar om 'n tierwyfie met kleintjies te gaan soek nie!

Hy kry toe 'n plan wat vir hom baie goed lyk. Melk is melk, sê hy en maak 'n kalbassie vol met bokmelk en toe hy dit vir Arrajaat se pa gee, sê hy dis Blinkoog-vrou s'n. Maar die ou man het sommer geweet Tiekó vertel 'n leuen.

„Jy is slegter as wat ek gedink het,” sê die ou. „Jy is nie net 'n bang skepsel nie maar jy is nog skelm daarby ook! Loop, gaan soek vir jou by 'n ander pa 'n vrou. My dogter kry jy nie!”

Maar Tiekó gee nie moed op nie. Melk is melk, sê hy, en toe melk hy 'n teef en neem 'n kalbasvol van die hondemelk vir Arrajaat se pa. Maar dis weer:

„Loop, jou slegte ding!”

Toe hy 'n kalbasvol katmelk wegbring, dink hy nou sal die ou man niks agterkom nie want 'n tier is mos maar ook 'n kat — net 'n baie grote! Maar, weer is dit:

„Loop, jou slegte ding!”

Nie eers Wolf of Plusoor se melk wou dat die ou man sy dogter los nie, dit bly net:

„Loop, jou slegte ding!”

En al die tyd wat hy so loop en melk bymekaar soek, sien hy nooit vir Arrajaat nie. Moenie praat van verlang nie! Hy kan dit naderhand gladnie meer uithou nie. Nou moet hy 'n tierwyfie kry al gebeur wat ook al. Maar waar gaan hy soek!

Al plan is die dolosgooier.

Die slim man werk met beentjies. Twintig van hulle wat hy uit die haltskene van dooie wildsbokke gehaal het en wat hy in 'n duinemolvelsakkie dra. Elke dolos is gemerk met die verf van die basbos en elke os het sy naam. Die voorloper van almal is Rooibok.

Die dolosgooier het op 'n sandplek gaan sit en die kol voor hom mooi glad gemaak met 'n stuk hout wat hy daarvoor trek en toe skud hy die beentjies uit sy velsakkie op daardie gelyk plek.

Maar Rooibok is moedswillig. Hy gaan lê op die naat van sy rug en toe wil die ander osse niks sê nie. Hulle word almal teruggegooi in die sakkie en weer uitgeskud, maar weer is die voorloper moedswillig. Vier keer moes die dolosgooier van voor af gooi, toe staan Rooibok eers reg en begin sy span te praat. Hulle weet van 'n blinkoogwyfie by Karamberg wat kleintjies het. Daar sal Tiekó

melk kan kry vir Arrajaat se pa, maar dit is baie ver en die dier is baie gevaarlik.

Nou is Tiekó éérs bang. Hy weet al klaar die tier sal hom uitmekaar skeur as hy haar kinders se kos wil kom afneem en wat sal dit dán help! As hy uitmekaar is, kan hy tog nie die melk vir die meisie se pa wegbring nie en wat sal so 'n mooi meisie tog maak met 'n verflenterde man! Hy wens hy kan maar vir Arrajaat vergeet, maar verniet of hy dit kan regkry.

Sy ma sien hoe treur hy en sy pa vra hom wat dan pla? Toe vertel hy haar alles oop en bloot. Dit was ook net die beste wat hy kon doen, want sy wis toe van 'n ou vrou wat kan toor en wat hom sekerlik sal help. Hy wag toe ook net niks verder nie maar spring weg na haar toe.

Langs die pad gooi hy 'n bok dood met sy kiere en met die vleis oor sy skouer kom hy by die toorvrou aan. Sy was so bly oor die kos dat sy hom sommer sonder sukkel 'n sakkie met toorsnuif gee. Dit moet hy in die oë van die wyfie gooi nes hy nagby genoeg is. En solank sy met haar pote die goed wat so brand uit haar oë vee moet Tiekó spore maak en melk dat hy so ooplê. Al is dit nou maar net een speen.

Alles het ook verder mooi reg geloop. Want hy het gedoen nes die toorvrou vir hom voorgesê het. En toe hy eindelijk met die kalbasvol regte tiermelk by Arrajaat se pa aankom, kry die ou man vir hom so 'n ontsag dat hy nie eers wag nie. Hy gee sommer dadelik sy dogter vir die dapper Boesmanjongkêrel.

Tiekó was skoon uit sy vel so bly was hy. Hy het Arrajaat aan die hand gevat en eintlik gehardloop na sy witman se plaas toe so haastig was hy. Maar sý was vir jou eers wild! Toe sy die vreemde wit mense en die huise sien, wil sy met alle geweld weghardloop.

Toe sit Tiekó haar ook in die buitekamer om haar mak te maak net soos hulle met hom gedoen het. En by die boer se vrou gaan haal hy vir haar kos: Brood en vet vleis.

Sy was so moeg van die ver ent loop dat sy ook wegval toe sy sien Tiekó eet so lekker aan die ongewone kos en na sy versadig was het sy dadelik aan die slaap geraak. Tiekó het ook geslaap, daar by haar in die buitekamer. Maar aaie! Toe hy die volgende oggend wakker word was daardie jong vrou darem vir jou kwaai! Baie erger as Blinkoog se vrou toe Tiekó haar wou melk. Sy gaan sit agter in die donkerste hoekie van die kamer en as hy net mik om nader te kom, bevlieg sy hom soos 'n boosaardige kat. Ja, sy blaas deur haar tande, haar oë skiet vuurvonke

en Tiekō is nou net vir haar so bang soos vir 'n regte streepvel-tierwyfie.

Hy het uitgespring en die deur op haar toegetrek en dit nie weer daarbinne gewaag nie. In die nag ook nie. Hy het maar in die perdestal op die strooi geslaap tot sy heeltemal mak was. En toe die witmense sien sy sal nie meer gevaarlik word nie, het hulle haar laat uitkom. Sy het naderhand net so mak geword soos Tiekō se hond en omdat sy slim was het sy baie gou geleer om die werk van die boeremense te doen.

\* \* \*

Hier knip-knip oom Hennie sy blou ogies 'n paar keer en met daardie glimlag wat van aangename herinneringe getuig, sluit hy sy verhaal af:

„My ouma het vir Arrajaat in die kombuis gevat en geleer. Wit en bruin het vir haar lief geword, want deedliker kon jy nie kry nie. Sy en Tiekō het 'n streep klein-goed gehad en toe hulle te oud geword het om te werk het hulle uit ons huis genadebrood geëet tot hulle dood toe.”

En dit is die hele verhaal van Tiekō en Arrajaat.

FRED WALEWIJN:

## Nieuw Vaderland

*Onvatbaar, in eigen ruimte verloren,  
ligt gij daar Suid-Afrika.  
Wikkend en wegend ons toebehoren  
aan en vir jou, Suid-Afrika.*

*o Land zo vertrouwd, en o land zo vreemd,  
spot niet met ons smartelijk grijpen  
naar dat wat tijdzaam moest rijpen  
in 't hart, ontworteld, ontheemd.*

*Al zijn wij verzadigd van leuzen  
— de romantiek in ons, amper nu dood —  
toch bruist in ons 't bloed der Geuzen  
en bid in ons, de Hugenoot.*

*Driehonderd jaren na hen gekomen  
uit Vlaanderen, 't vaderlandsloze land  
zoeken wij hier bij 't Volk uit ons dromen,  
vermoeid en verslagen, EEN VADERLAND.*

## Veel en Diep

*Hier ben ik veel en diep van jou gaan houden,  
hier in dit verr' en zondoorzengde land,  
waar mensen blank en bruin ons taal hebben behouden  
en waar wij eindelijk vonden een dietse vaderland.*

*Er is zoveel dat eenders is en anders  
en 't pad is hard dat naar de toekomst leidt,  
maar in ons liefd' en haat staan wij toch bij elkander,  
wij strede jaren lang dezelfde taaie strijd.*

*Hardnekkig bid ik God, ééns zal Hij mij verhoren,  
schenk haar toch wat geluk, wil toch haar trouw belonen,  
verwijder achterdocht, onnodige kilheid, nijd,  
en open 't Boerehart voor haar dan wagenwijd.*

## IJzer

*Graven en grachten,  
de IJzer,  
en puin.*

*Vlaggen  
en vlakke.  
Poort.*

*Hemelruim,  
Wilhelmus,  
de Leeuw  
en Die Stem  
over het Veld.*

*Heer,  
red toch dat Volk  
door heimwee gekweld.*

## Gij

*Gij zijt kust  
en gij zijt strand.  
Gij zijt haven.  
Gij zijt land.  
Gij zijt hoogriet,  
oeverboord.  
Gij zijt 't eeuwig  
welkomwoord.*

*Gij zijt vreugde  
en verdriet.  
Ik hoop dat gij enkel  
mijn blijdschap ziet.  
Niets weet over tranen  
die ik vergiet . . . .*

*Gij zijt zonnige hemel,  
blauwe lucht,  
zolang er geen afscheid  
wordt geducht.  
Want soms zijt gij ver  
als de ster  
van de nacht  
waarin ik met onrust  
de daagraad verwacht.*

*Want gij zijt de kust  
en gij zijt het strand.  
Gij zijt de haven  
en gij zijt het land.  
Gij zijt hoogriet,  
oeverboord.  
Gij zijt het BEVRIJDEND  
welkomwoord.*

JOZEF DELEU:

## Het Gevecht met de Engel

*Tussen nacht en morgen,  
stroom en oever,  
aan de zoom van woud  
of met het wrede toeval  
tussen licht en schaduw  
strijd ik om de eer.*

*De paarden draven  
in de morgen, bloed  
om bloed, en wreed  
om wreed, de tanden  
die de harten zoeken  
schampen op het eigen leed.  
heeft de bergen en de kracht  
om door te slaan;  
wie de mist voelt  
raakt de ogen en de blinde duur  
van het bestaan.*

## Ontmoeting Halfstok

*De angst hangt halfstok  
in mijn mast,  
ik heb de handen  
tesamen gebeden,  
de ogen gesloten  
de lippen gevoeld  
van een mond,  
ik heb alles  
kunnen vergeten.  
halfstok  
heb ik de dood  
bemind.*

## Herhaling

*Elk jaar  
strek ik mijn handen gevouwen,  
bid de wereld toe  
steeds uitgeputter  
moe.*

*Mijn handen worden korter,  
groen om de lente,  
wit om de nieuwjaartijd,  
om mijn enge zorgen  
om mijn enge troost,  
buig ik voorover  
naar onder  
moe.*

LORENZ SCHULTZ:

## Emiel Hullebroeck

„Dit is vir die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n besondere genoeë om aan te kondig dat hy besluit het om in hierdie 50e jaar van sy bestaan 'n erepenning toe te ken aan prof. Emiel Hullebroeck uit ons stamland, Vlaandere, vir die groot werk wat hy oor 'n tydperk van bykans 40 jaar verrig het om sodoende by te dra tot die verryking van die Afrikaanse geestesbesit en om die bande tussen die drie stamlande steeds nouer aan te haal.”

So het 'n onlangse aankondiging van die Akademie gelui na aanleiding van 'n besluit om naas Afrikaners wat vir ons taal gestry het ook stamgenote te huldig wat met hulle bydraes die Afrikaner se kultuurskat verryk het en in die vreemde daarvoor voorbrand te maak.

Emiel Hullebroeck het met sy komposisie van Afrikaanse liedere ons liedereskat onteenseglik verryk. Ons dink onder meer aan „Afrikaanse Wiegeliedjie” op teks van Langenhoven, „Studentelied” op teks van A. G. Visser, „Vryheidslied” op teks van Jan Celliers en „Die Sterretjie” op teks van Leipoldt. Hierbenewens het hy ook 'n bundel met Afrikaanse liedere versamel wat gemeengoed in die hele Vlaandere geword het.

Deur sy sanguitvoerings met sy kunsreis deur die Unie in 1920 het hy die Afrikaner geleer om nie net die lied — die eie lied — te waardeer nie, maar ook om dit te sing.

Daar is egter 'n ander, vername verdienste waarvoor Hullebroeck nie gehuldig is nie, 'n begrip wat hy in sy vaderland gaan skep het wat nêrens in 'n bibliografie van hom gevind sal word nie. Hierdie begrip dra die naam „Boerevrou,” 'n begrip wat vir die Vlaminge terselfdertyd ander begrippe soos: Vryheid, dapperheid, adel, volharding, opoffering insluit, danksy die talle lesings wat Emiel Hullebroeck dwarsdeur Vlaandere gehou het en waarin hy hulde aan die Boerevrou gebring het.

Omstreeks die jare '20 was die Vlaminge in 'n heftige stryd gewikkel om gelyke politieke en ekonomiese regte met die Franstalige Waalse bevolking van België, om erkenning van die Nederlandse taal in staatsdepartemente en elders, 'n stryd om die behoud van die Vlaamse siel en die Nederlandse kultuur teen die subtiele, dog grootskaalse verfransing van Vlaminge en Vlaamse stede. Hierdie stryd was hoofsaaklik 'n mannestryd, die Vlaamse vrou en moeder

het geen direkte aandeel daarin gehad nie.

In 1920 besoek Emiel Hullebroeck Suid-Afrika en maak nie net dieper kennis met ons geskiedenis en die rol wat die Afrikanervrou daarin gespeel het nie, maar beleef 'n stryd wat byna identies met dié in sy eie land is — byna identies, omdat in Suid-Afrika die Afrikaanse vrou oral in die stryd te vinde was, vegtende soos 'n leeuwyfie wie se kleintjies bedreig word.

Die gevoelige kunstenaarsiel van Hullebroeck — self 'n warm stryder en skepper van menige strydlied — was dermate deur die aandeel van die vrou in die Afrikaner se vryheidstryd oorrumpel dat dit die hooftema geword het van elkeen van die honderde lesings en voordragte oor Suid-Afrika wat hy oral in Vlaandere en Nederland na sy terugkeer gehou het.

Onophoudelik het Hullebroeck die Afrikanervrou geloof, oral haar as voorbeeld vir die Vlaamse vrou gestel in die stryd om die behoud van eie Vlaamse kultuurgoed, totdat die naam BOEREVROU 'n vlam geword het wat in die harte van duisende Vlaminge en hulle vroue en dogters gebrand het as simbool van alles wat edel en onoorwinlik is, as simbool van die vryheid.

Die stryd in Vlaandere is nog nie volstry nie, maar vandag ontwikkel hy al hoe meer ten gunste van die Vlaminge, danksy die aktiewe aandeel wat die Vlaamse vrouens en dogters daarin het — danksy die beeld van 'n Afrikanervrou wat 'n jong Vlaamse komponis en sanger in 1920 met hom na sy vaderland saam teruggeneem het.

Dat hierdie beeld ook vandag nog die jong dogters van Vlaandere inspireer, het skrywer gemerk toe hy twee jaar gelede 'n sangfees in Antwerpen bygewoon het waaraan 20,000 Vlaminge deelgeneem het. Met die sing van die Vlaamse strydlied en volkslied „Die Vlaamse Leeuw,” het 'n groep meisies die reusagtige saal binnegeloop, op hulle knieë geval — hande agter die rug, gesig op die grond — sodat hulle nekke bloot was. Hierdie gebaar van bereidwilligheid tot opoffering en sterwe selfs, is ook gemaak by die speel en sing van Die Stem van Suid-Afrika.

Gedurende gesprekke met hierdie meisies na afloop van die sangfees, het ondubbelsinnig geblyk dat die Afrikanervrou — die beeld wat Hullebroeck geskep het — hulle steeds boei en inspireer.

Ook Hullebroeck, die komponis, is deur die Boerevrou geïnspireer. In 'n lesing, gehou in New York, op 1 Junie 1923, vertel hy dat hy tevergeefs in Nederland en Vlaandere gesoek het na 'n nuwe woord en 'n nuwe klank vir





*Emiel Hullebroeck*



liedere wat sy volk in hulle vryheidstryd sou aanvuur. Dis eers by die Afrikaners en veral by die Afrikanervrou dat hy die gemoedstemming vind, „den verdrukten maar onknechtbaren geest in dichtwoord omgezet, die in Vlaanderen weerklank zou vinden.” Hier in Suid-Afrika het die „Vryheidslied” op teks van Jan Celliers ontstaan, ’n lied waarmee Hullebroeck singend deur die hele Vlaandere getrek het en opnuut die vlam van selfvertroue onder die Vlaminge laat brand het:

Woes geweld mag hoogty hou  
Kettings mag ons lede knouw  
Maar die leuse bly ons trou:  
Vryheid! Vryheid!

Jukke mag vir slawe wees,  
Manne-harte ken geen vrees,  
Duld geen boei vir lyf of gees;  
Vryheid! Vryheid!

Ten slotte haal ek ’n paar gedeeltes (vertaal) aan uit lesings wat Hullebroeck na sy terugkeer uit die Unie in Vlaandere gehou het: Wat ons (by ’n beskouing oor die rol van die vrou in die Afrikaner se geskiedenis) voortdurend in gedagte moet hou is die feit dat man en vrou, seun en dogter saam deur die smeltkroes gegaan het . . . Die Boerevolk is as VOLK gevorm en nie as ’n aantal manlike persone nie. Waar die Boer gegaan het, het sy vrou en sy kind saamgegaan — ’n eenheid, ’n klein geheel . . . Waar ek voorheen die grootste bewondering vir die Boer gekoester het, het daardie gevoel nou gestyg tot eerbiedige verering van die Boerevrou . . . Net soos die manne sterk gebou en aantreklik van uiterlik is — iets wat die lewe in die vry natuur vanself meebring — so is aan al die beminlike deugde van die vrou ’n liefde vir vryheid (wat geen offer ontsien nie) gepaard . . . Ernstig in gebed, verstandig in raad, moedig in die stryd, het die Boerevrou altyd ’n hoogs-veredelende invloed op die manne en jongelinge uitgeoefen. Die Boerevrou was daardeur ongetwyfeld die kragtigste oorsaak dat die hele volk, ondanks voortdurende aanraking met woeste barbare en afgeskei van alle beskawing, in plaas van te verwilder, altyd trou gebly het aan die ou tradisies van deug, sedelikheid en staatkundige onafhanklikheid . . . ’n Ander groot hoedanigheid, wat tewens die lig werp op die karakter van die Boerevrou, is haar selfstandigheid . . . Meer as een onbevoegde beoordelaar gebruik die woorde

„bekrompe” of „agterlik” vir dit wat werklik niks anders is as selfstandigheid van aard of soos dit ook genoem word, individualiteit. Daar is gelukkig nog mense wat die moed besit om hulself te wees en nie die aap van ’n ander nie — die Boerevrou besit daardie moed . . . Ek het baie, oneindig baie, by ons stamverwante volk geleer, daar ginds onderkant die ewenaar en ek wens ek kon u vanaand almal ten volle laat deel in my oortuiging. En daardie oortuiging is die volgende:

Ook vir ons land (Vlaandere) kan en moet die vrou ’n krag word. Dit is die verbygaande en wisselende elemente in die politiek wat die partypolitiek die geleentheid gee om die Vlaamse volk te verdeel. Maar op die ou end moet dit wat die harte verenig, ook die Vlaamse volk bymekaar bring. Ons kan nou verskil oor die beste metode om die groot saak te bevoordeel en die doel gouste te bereik — dit is politiek — maar vir iedereen wat nog Vlaams voel en dink is daar tog net één doel, dieselfde ideaal! Laat die Vlaamse vrou — soos die Boerevrou — haar hart daaraan heg en vasbind en sy sal geen gevaar loop dat sy deur die drogrendenasies van die politiek om die bos gelei word nie . . . Laat die vroue van Vlaandere skouer aan skouer staan en so teen vyandige elemente stelling neem en wag hou oor alles wat Vlaams is in ons nasionale lewe. (Hullebroeck dink hier aan die optog van Afrikanervroue na Pretoria om vir die vrylating van die rebelle te pleit gedurende die Eerste Wêreldoorlog). Op hierdie gebied kan geen verskil van mening bestaan nie. Laat die Vlaamse vrou in één woord — soos die Boerevrou — moeder wees van haar volk en as moeder handel om ons verdeelde volk weer bymekaar te bring na dieselfde doel: Vlaandere Vry!

So het die Vlaamse sanger-digter-komponis, Emiel Hullebroeck na ’n kort besoek aan die Unie in 1920 die Afrikaanse vrou besing en haar ’n rol in die stryd van sy volk laat speel.

Die plan van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns was oorspronklik om Hullebroeck na die Unie te laat kom sodat hy persoonlik die erepenning kon ontvang. Weens die siekte van sy vrou en vanweë sy hoë leeftyd (hy is 81 jaar oud) is van die reis afgesien.

## Aan 'n Ou Dame

*Jy het die ydel skoonheid van die jeug  
Vaarwel gesê om in die skemeruur  
Van jou verloë dag 'n nuwe vreug  
As Loon te soek. Nou het die wilde vuur  
Van eindelose droom en liefdesteug  
Soos lig verbygegaan. En in die guur  
aanvaarding van jou weggeslote Ek,  
Het jy Gods Skoonheid in jou siel ontdek.*

## Vervulling

*Jou het ek eenmaal teer bemin, net soos  
'n Kind sy selfgeskape droom na wens  
En hartsbegeerte bou — 'n skamel troos,  
Maar in sy siel as skugter pand omgrens.  
Eers was jy vaag en vreemd, my droomgety  
'n Flardekleed wat in die winterwind  
Onrustig ween en eensaam wag op sy  
Vervullingsdag. Maar hierdie honger hart  
Se weemoedslid het nou oplaas verstom.  
Want uit my droom het nou jou stem gekom.*

## By die Dood van 'n Vriend

*Jy het die weg van alle vlees gegaan.  
Geheimnisvol en stil soos een wat weet  
Wat agter hierdie onvolmaakte baan  
As eindbeloning wag, vir pyn en leed.  
O, jy wat nou die antwoord ken, en met  
Die bleek geheime spot! Jy wat nou lag  
Oor al my vrae oor die lewenswet!  
Stuur my die Lig waar ek alleen vernag . . .  
O God, laat U genade oor my vloei,  
Soos reën oor stof. En laat my gulsig leer  
Dat kennis ourus baar; dat in die boei  
Van bang onsekerheid geloof regeer.  
En laat my ween — nie oor die groot gemis . . .  
Maar om my smart vergeefse traue is!*

## Gelykenis

*Die saad wat in die aarde val,  
En sterwend, eensaam rus . . .  
Dra, Heer, die beeld,  
Die vreemde beeld,  
Van U gelykenis.*

Die saad wat uit die aarde skeur,  
In diep geheimenis . . .  
Is slegs die beeld,  
Die Godlik beeld,  
Van U herryseris.

Die reën wat oor die somber stof,  
Haar koel genesing dra . . .  
Dra diep die beeld,  
Die liefdesbeeld,  
O Heer, van U gena . . .

Die kruis wat oor my skouers skaaf,  
En wonde wenend laat . . .  
Is, God, die beeld,  
Die skadubeeld,  
Van al U dieper smaad . . .

## Daardie Vreemde Dae . . .

O, Wilde somerdae!  
O godvolmaakte lentetyd!  
Hoe heilig was jou trae  
Gang in die oneindigheid!

Daardie goue dae!  
Toe ek, as kind,  
Die sterre saans kon soek, die maan se lag . . .  
En vaagweg wonder wat nou eintlik agter wag —  
Of ek die wonderwysheid ooit sou vind.

O blinde, dwase vreug!  
Hoe swanger was jou beker,  
Van God se voller teug . . . .

Daardie vreemde aande . . . .  
Met Pa en Ma. —  
Ons almal om die huisaltaar . . .  
En Pa se stem wat bewend vaar,  
Op wieke van Gods wind gedra . . .

O ewig Godlik gawe . . .  
Hoe helder hoor my siel,  
Die roepstem van jou hawe.

Daardie donker ure . . .  
Toe Ma ons wink,  
En ons soos vreemdes om sy sterfbed skaar.  
Sy laaste wens: Bemin mekaar —  
En toe vir ewig in die dryfsand sink!

O godontrukte dae!  
Wenend van weemoed,  
En stamelende vrae . . .

Hierdie dorre dae . . .  
Met rondom my,  
Die sel verskrikking van U somber wil —  
Wat alles vra, geen leegte vul,  
En eis dat hierdie honger lunkering bly.

U sien, O God, die leë dag.  
U ken die dors . . . en  
U weet waarop ek wag . . .

## Sou Ek Dan Ween?

Sou ek moes ween,  
Wanneer 'n wens,  
Met wankelende woorde saamgesnoer,  
Tot 'n gedig, verag word en gehoon?  
Wanneer selfs hul om wie ek ly,  
Die blinde boodskap nie verstaan,  
— 'n Hisop skenk as barre loon? —  
Sou ek moes ween daaroor?

Vanmôre vroeg, lank  
Voor die dag ontwaak,  
Was daar U asemtog, U witomsoomde kleeed,  
Die tranes van U siel wat uit  
U liggaam oor die dorstand stroom.  
En ek, U Benjamin, kon net maar kyk.  
Om in die wonder U te vind —  
En ek moes kniel en ween.

Dan sou ek ween,  
Wanneer die lig,  
O God, van U verborgenheid,  
Oor my siel soos môreskennering ruis.  
Wanneer ook ek, die onvolmaakte kind,  
In U genade rus kan vind . . .

Sou ek dan ween,  
Wanneer 'n wens,  
Met stamelende sinne saamgesmee,  
Tot 'n gedig, verag word en gehoon?  
En jy, wie ek waansinnig min, as loon,  
'n Hisopstingel met asyn my bied?  
Hoe kán ek ween daaroor?

LORENZ SCHULTZ:

## Saterdagaand, Oudtshoorn

Gooi my hier, gooi my daar,  
rooiwyn en 'n ou kitaar.

Volstruisveer-vrolik stap sy hoed,  
doemme-latjik-doemtjik doemp sy bloed.

Gooi my hier, gooi my daar,  
suurwyn en 'n ou kitaar.

Maermerrie-kaal-driekwart-witbroek  
gaan 'n ligvoet-losboud-lagbek soek.

Gooi my hier, gooi my daar,  
rooi vog en 'n mal kitaar.

Hou jou rokkies bymekaar . . .  
hiert! haar lyf isse turksvyblaar.

Gooi my hier, gooi my daar,  
leë sjerrie-bottel en nog net één snaar.

Iemand het die veer uit sy hoed gesteel —  
die slaap hark grintklip in sy keel.

Maar môre sal hy vóórbank in die kerk —  
„'n mens moet ook in God se wingerd werk.”

Gooi my hier, gooi my daar,  
nuwe bottel wyn en 'n nuwe kitaar.

## Plaashond

Ek het talle male al vir U donker plan met my gevlug,  
dog reeds in moederskoot deur die stokslae van U woord verwond,  
keer ek telkens na U bakvol harde liefde terug —  
ek is beurtelings wolf en goedafgerigte hond.



ABEL COETZEE:

## Die Rooi Angelier

Die wonder van die woord lê daarin dat almal wat hom ken, weet wat hy beteken. As ek lees dat die Skepper skeiding gemaak het tussen die lig en die duisternis, dat Hy die lig dag genoem het en die duisternis nag, dan weet elkeen van ons dood sekuur wat dag beteken en wat nag.

So ken ons boom, klip, vuur en vreugde.

Maar darem nie alle woorde is so deursigtig nie, want as ek vark, skaap, esel of bobbejaan sê, moet ek eers daarby weet of ons van 'n mens of 'n dier praat; as dit 'n dier is wat bedoel word, is die woord 'n gewone beskrywende naam; as dit 'n mens is, word die woord 'n verwyf.

Ook DIE ROOI ANGELIER is nie heeltemal so deursigtig nie waar dit met goue, rooi en groen pronkletters op die groot ruit geskilder staan sodat jy dwarsdeur binne in die winkel die blombakke met swaardlelies, koningskelke, ander snyblomme en potplante kan sien wat te koop aangebied word. Nou het julle seker al geraai dat ek van die blomwinkel praat op die hoek van Kruis- en Langstraat, net waar die groot gewemel van die middestad begin. En dan dink julle, dood natuurlik: Ag, ja, dis doodgewoon om die naam van 'n blom te kies vir die naam van 'n blomwinkel. Die stad is vol daarvan. Dink maar aan die Alpeviooltjie waar daardie Switserse ouvroutjie meeste net potplante en ruikers verkoop, of die Lelietjie-van-Dale daarbo in die stad waar die deftige mense hulle blomme gaan koop, of Die Goue Aster daar naby die stasie waar 'n mens nie weet of dit na die snyblomme in die bakke of die blonde verkoopstertjie agter die toonbank verwys nie.

Met dit alles is DIE ROOI ANGELIER nie so dood gewoon nie, al word daar net blomme verkoop. As ek van DIE ROOI ANGELIER praat, bedoel ek iets meer as die spoggerige „naam-tekening” op die groot spiegelruit, ek praat van iets wat verder teruglê as daardie eerste dag waarop die mense in die winkel begin blomme koop het. Ek praat haas van 'n leeftyd gelede, toe ons stad nog in menige opsig 'n dorp was. Ek móét daarvan vertel, anders weet almal nie wat DIE ROOI ANGELIER eintlik beteken nie.

In daardie vervloeë dae het ons stad net twee dele gehad: die middestad soos ons hom vandag ken, suid van die spoorweg, en die woonbuurt noord daarvan. Tans is die

spoorweg nog daar, maar sedertdien het dit ingetonnell geraak onderkant straathoogte en al die hoofstrate loop bo-oor met brugge. In dié ou dae waarvan ek praat, was daar maar een brug oor die spoor vir die swaar verkeer na ons buurstad bedoel, maar die woonbuurt se mense het omtrent almal laeraf met 'n duikweg onder die spoor deur die middestad bereik. Smorens en smiddae het jy die sonderlinge gesig gesien van 'n menigte stadsmense wat saamdrom by die duikweg se noordelike of suidelike uitgang, soos 'n trop skape voor 'n diphok of voor 'n kraalhek waar hulle getel moet word, en as hulle deur is, om anderkant uit te waaier en te versprei oor die hele staf of oor die woonbuurt.

Dit spreek omtrent vanself dat die duikweg se uitgang aan die stadskant 'n uitsoekplek was vir smouse, blommenters, en vir bedelaars. Toe al het die polisie hulle in die gate gehou, want hulle bedrywighede kon onverwags verkeersversperrings veroorsaak. Soms was dié gedeelte van ons stadsburgers so bedrywig dat die stroom voetgangers deur die duikweg slegs met moeite en inspanning by die ergerlike lasposte kon verbykom.

Onder diegenes wat die stroom voetgangers vroeg soggens doelbewus ingewag het, was Ou Vuil Marta, ook bygenaamd Ou Rooi Angelier. Van hierdie sonderlinge mens moet meer vertel word. Sy was ekstra klein van stuk en plat van voorkoms. Dit was moeilik om haar gelaatskleur of die kleur van haar hare vas te stel, want dié soort vrouens wat snags somer in 'n leë kas op 'n verlate perseel slaap, hulle oormatig vergryp aan goedkoop soetwyn en hulle slegs af-en-toe somer in die gouigheid in die spoorwegruksamer afspoel vir sespennies, kry naderhand so 'n viesige pers skynsel wat hulle hele persoon omgewe soos 'n kleed, sodat elke gewone mens 'n rilling van afsku teen jou rugstring af voel as jy maar net te naby hulle langs verby loop. Sy was so 'n toonbeeld van verval, en elkeen kon sien dat sy slegs 'n vormlose soort rok dra as enigste kledingstuk.

Maar sy was die ene hoflikheid.

Om die waarheid te sê, in ons hele stad is daar tot die huidige hede g'n vrou wat so hoflik, so sjarmant hoflik lastig kon wees nie. Haar optrede was altyd, elke dag van die week, jaar in jaar uit altyd op 'n haar dieselfde. Soggens heel vroeg het sy by die bloemis, Die Blanke Lelie, 'n rooi angelier gaan „koop”, net één. Die eienaar wou nooit haar geld aanneem nie — net asof hy vies was om dit tussen sy ander geld te hê. Hiervan het sy haar salig

onbewus voorgedoen, maar hondgetrou haar trippens elke oggend aangebied. Die stingel van die angelier breek sy dan net lank genoeg af, en met 'n verbleekte grynslag neem sy haar pos in op die sypaadjie voor die duikweg.

Haar klante het sy sorgvuldig uitgesoek, byna kieskeurig. 'n Arme het sy nooit lastig geval nie, 'n onversorgde het sy ongeërg verby laat gaan. Mans met dames by hulle het sy nooit in verleentheid gebring nie.

Maar die goedgeklede mans! Dit het altyd gelyk of sy met siniese welbehae die welgeklede mans sien nader kom het. Sy hou hulle daar van veraf dop, kyk hulle vas in die oë, en as hulle naby genoeg is, maak sy haar kniebuiging,; ouderwets hoflik, en met 'n swierige handgebaar soos van 'n dame uit 'n kasteel, spreek sy hulle aan.

„Meneer, koop tog van my 'n ruiker vir u knoopsgat, Meneer. Net maar een pennie, Meneer. 'n Ruiker vir u knoopsgat om die dames te bekoor, Meneer. Net één pennie!”

En dan stap sy beslis nader net asof sy die ruiker eie-handig en onafwendbaar gaan steek in die aangesprokene se knoopsgat.

Die uitwerking daarvan?

Partymaal het dit misgeloop, dan maak die man of hy salig onbewus is van haar bestaan. Hy het haar nooit eers hoor praat nie, en ewe vasberade as sy stap hy aan en verdwyn in die grootstad se strate.

Maar in die oorgrootste meerderheid van gevalle het die aangesprokene koddig vasgesteek, sy hand vinnig in sy sak gesteek, 'n geldstuk oorhandig, en oorhaastig voortgeyl met 'n afwerende gebaar in die rigting van die rooi angelier asof die pes daarin skuil.

Ou Vuil Marta het dan net tevrede gegryns, want dis wat sy wou hê, daarom het sy nooit meer as één angelier aangeskaf, want dit was nie nodig nie. Toe sy nog kennisse gehad het met wie sy kon gesels, het sy altyd spottend opgemerk dat dié bloemiste wat 'n yslike bos blomme vir 'n halfkroon verkoop nie bedrewe verkoopsters is nie! Ou Vuil Marta het met haar één rooi angelier elke liewe oggend op die sypaadjie met die welgeklede mans bly sake doen totdat die groot gedrang afgeneem het. Dan het sy die onbegeerde ruiker in die geut gesmyt, sorgvuldig haar buit nagetel, en dan stil-stil in een van die dwarsstrate verdwyn om haar oor te gee aan die tydelike vergetelheid wat sulkes in 'n bottel koop.

More-oggend begin die spel weer van vooraf aan, en die een verydelde dag het die ander opgevolg totdat daar talle

jare van verydeling agter Marta gelê het in die strate van die middestad.

Maar Marta het 'n tydgenoot gehad in die stad van wie se bestaan sy nie bewus was nie. In alle opsigte het hulle van mekaar verskil. Hy — ja, dit was 'n man — het nooit drank aangeraak nie en daarby was hy eintlik vol fiemies oor sy klere en die netheid en geurigheid van sy persoon. As hy in die oggend in die straat afstap met sy ligte bruin pak, bypassende sweedsleer skoene, sokkies en das, sy leer handskoene netjies in sy linkerhand saamgevat, en sy slaprand hoed so effens skuins half op sy voorkop, dan het hy uit die hoogte van sy volle lengte tevrede op die wêreld neergekyk in die wete dat hy 'n benydenswaardige voorkoms het. Nie 'n enkele sprietjie van sy glansende strooi-geel hare het skeef gelê nie, nêrens was daar 'n rafeltjie of stoffie op sy klere te bemerk nie. Hy was 'n mooi man wat orals om hom indruk gemaak het. Hy was bewus van sy mooiheid en van die indruk. Sy vriende het hom heel modern Jan-die-Fat genoem — die enigste manier om hom doeltreffend te beskryf sonder om plat te wees.

Maar in één opsig het hy en Marta tot in die fynste besonderhede iets gemeenskapliks gehad. Jan-die-Fat was ontstellend hoflik, dié soort hoflikheid wat beskryf word as „korrekte gedrag”. Mens kry nog hier en daar sulke sogenoemde kontinentale here, manne wat in hulle hele houding die indruk uitstraal dat hulle g'n mens leed sal aandoen nie, en dat hulle volstrek niks sal doen om 'n medemens verdriet te besorg nie, dat hulle net die ene hulpvaardigheid en wellewendheid is. En dames! — waar dit dames raak, is dit vir hierdie ouderwetse here eenvoudig nie te dinke dat selfs nie aan hulle ongehoordste versoeke voldoen sal word nie.

So 'n man was Jan-die-Fat.

Toe moes dit gebeur dat Jan-die-Fat vir hom 'n huis noord van die spoorweg aanskaf, en so het dit toe gekom dat hy soms ook onder die duikweg deur stad toe gestap het.

Dit het toe nie 'n leeftyd geduur nie, toe sien Ou Vuil Marta hom een oggend vroeg toe hy nog sommer daar vér aankom. Sy neem dadelik stelling in. Hierdie man sal beslis vanoggend aan haar moet tol betaal of haar naam is nie Marta die bloemiste nie!

Maar Ou Vuil Marta het haar deerlik misreken. Of moet ek liewers sê dat sy nog nie lank genoeg in die land was nie, al het sy sinies gedink dat sy presies net weet hoe om welgeklede here kort te vat.

„Meneer, koop tog van my 'n ruiker, Meneer. Net 'n pennie, Meneer, 'n pennie maar. En ek sal dit self in u knoopsgat steek, Meneer, vir 'n pennie, Meneer!” Sy maak haar kniebuiging en met 'n siniese gryns swaai sy die rooi angelier met 'n swier voor sy neus verby.

Jan-die-Fat gaan staan ewe hoflik, lig sy hoed van sy blonde kop, buk tegemoetkomend vooroor sodat die petie-terige gore sy knoopsgat kan bykom. Dan sê hy sonder die minste sweem van wrewel of van afsku: „So 'n mooi gebaar het ek nog nie in hierdie grootstad teengekom nie. Grasië en swier, dis wat ek in 'n vrou bewonder. Juffrou, graag ontvang ek u ruiker, mits u so vriendelik wil wees om dit in my knoopsgat te steek. Maar vir 'n pennie, gits nee. Juffrou, u sal my die eer moet aandoen om met my saam te gaan ontbyt. Dis net so die juiste uur van die oggend vir 'n onvergeetlike maaltyd, wat altyd die beste smaak as 'n mens die regte vrou vir geselskap het.”

Verbouereerd en effens uit die veld geslaan, kry Marta tog die ruiker in sy knoopsgat, en toe hy galant buig en sy arm aanbied, sit sy uit pure brawiteit haar hand liggies op sy voorarm, en tussen die straatgedrang deur lei hy die verslonste vroujie asof sy 'n sprokiesprinses is uit 'n pampoenkasteel en hulle verdwyn in 'n private eetkamer van die hotel waar Jan gereeld sy gaste onthaal.

Natuurlik het dit opspraak verwek, want wie wat destyds noord van die spoorbaan gewoon het in ons stad het nie vir Ou Vuil Marta, Ou Rooi Angelier geken nie? Wie het nie haar manewales met haar ruiker glimlaggend aanskou en gesorg dat hy ver bokant die wind langs hou nie? Wie het nie geglo sy is 'n straatslet nie?

Die volgende oggend was Ou Vuil Marta nie weer voor die duikweg op die sypaadjie doenig nie, en nie die volgende dae en weke nie. Nooit weer nie. Die inwoners noord van die spoorweg het spottend gesê Ou Vuil Marta is al haar selfvertroue kwyt toe sy meteens 'n man gekry het wat nie net gewillig was om die ruiker te koop nie, maar ook om dit boonop nog te ontvang en te dra in sy knoopsgat ook.

Maar hulle het nie geweet nie.

Daar is baie dinge wat hulle nie geweet het nie. Boweal het hulle nie geweet van alles wat in daardie private eetkamer plaasgevind het nie. Daar het Jan-die-Fat vir Marta, die Vuile, aangemoedig om ruim te eet, veral vleiskos en hy het self die voorbeeld gestel. Vir Marta was die smaak van goeie kos aanvanklik vreemd, selfs weersinwekkend. Maar sy het haar bedwing en naderhand selfs met smaak geëet.

Toe sy uiteindelik meer as genoeg in het, het die kelner kom opruim, en Jan het gevra of sy wil rook. Vir die eerste keer in baie jare het sy die aangebode sigaret geweier. Toe het Jan begin vrae vra, hoflik maar onontwykbaar dringend. Wie is sy eintlik, waar kom sy vandaan, leef haar ouers of ander bloedverwante nog — net so 'n eindelose reeks vrae as wat haar lewe menige dag vir haar eindeloos gelyk het in sy bitterheid en sy vernedering.

Eers wou sy nie antwoord nie, maar ondanks sy hoflike optrede ken Jan geen ophou as hy iets wil weet nie. So het sy sakevriende hom leer ken: dieselfde vraag telkens anders gestel totdat die ondervraagde naderhand moes kopgee. Marta het in haar enigheid gedink waarom sy hierdie man toelaat om haar met vrae te kasty net maar omdat hy van haar 'n angelier gekoop het. Waarom stap sy nie uit en laat hom na sy peet vaar nie? Maar dan dink sy daaraan dat 'n man, 'n aansienlike man, baie-baie lanklaas sy arm aangebied het om haar te lei en met haar saamgeëet het asof sy en hy gelykes is. Gewoonlik het hulle met 'n gebaar van walging bokant die wind verby geloop so vinnig as wat hulle bene kon beweeg. Nie dat sy hulle ooit kwalik geneem het nie, veral nie later nie toe sy agtergekom het dat dit haar beste wapen is om geld in die hande te kry en meteens ook haar beste beskerming. Maar Jan se optrede is so anders. Dit beroer haar vroulikheid, en so het haar relaas toe losgekom.

Jan het 'n geskiedenis aangehoor in stukke en brokke, wat so alledaags is in sy ellende en wat so 'n duisend keer herhaal word in die grootstad dat dit banaal geword het en niemand het meer ag geslaan daarop nie. Dis die ou-ou geskiedenis van ons volk se dogters uit fatsoenlike huise wat in die grootstad kom werk omdat dit onder die oë van die ouderwetse vader en moeder so eensaam is, so sonder dié opwinding waarna die bloed van die jongmens verlang. Maar gou ontdek hulle dat die lokkende kantoorbaantjie 'n sleurbaan is wat niks anders inhou as dae van swoeg en nagte van eensaamheid in 'n enkelkamertjie iewers in 'n gebou wat vol sulke eenkamertjies is met siele daarin wat eensaam en verlore is, ver van maagskap, en sonder die vertroosting van dié vriende wat hulle in die grootstad kom soek het.

So het die jare eensaam gekom en bitter eensaam gegaan. As gesonde vrou het sy toe gevoel hoe haar lewe nutteloos vervloei, hoe haar hele vroulike wese verydel en vermors is in die grootstad waar jy 'n slaaf word van 'n sukkel-

bestaan wat nêrens heenvoer nie, hoe daar vir haar in die grootstad geen vervulling wag nie.

So het dit gekom dat sy, soos hulle almal, 'n bietjie warmte en geselligheid gaan soek het in die klewerige soetigheid van rooiwyn wat bedwelming bring en vergetelheid vir solank as wat dit duur, totdat sy naderhand die verraderlikheid van haar troosmiddel ontdek het toe dit reeds te laat was en sy snags die slawebestaan van die dag voortgesit het — moes voortsit op 'n ander manier. Haar lewe het toe maar so verloop soos hy verloop vir almal wat soos sy is, as hulle nie genade ontvang het nie: ontslag uit die een betrekking na die ander, g'n tuiste, straatlewe, bedelary — maar tog nog op 'n vreemde manier te hooghartig om in hulle verval terug te keer na hulle naasbestaandes.

„En nou, wat verder?” wou Jan weet aan die einde van die troostelose verhaal.

„Weet nie. Jy het self vanoggend gesien hoe gou my voorraad blomme uitverkoop kan raak,” probeer sy flou 'n grappie maak. Dit bring Jan op 'n gedagte.

„Sal jy wil blomme verkoop?”

„Miskien, maar waar en aan wie?”

Jan het 'n plan. Hy laat haar 'n tydjie alleen en begewe hom na die telefoon. Weer eens, soos so talle keer van tevore al, het dit vir hom opnuut geblyk hoe waardevol 'n man se vriende kan wees, vriende op die mees onverwagte plekke in die samelewing. Toe hulle teen middag die hotel verlaat, kon hy haar na 'n kamer neem in 'n inrigting vir werkende meisies, sy kon met die nodige krediet die noodsaaklikste aankoop om die volgende oggend as leerling by 'n bloemis te begin waarheen hy haar self gebring het.

Nou sal ongelowige siele hulle verbeel dis nog 'n verhaal van die sprokiesprins en aspoestertjie. As dit maar was, sou dit nie so pynlik gewees het om dit te vertel nie, want wat ek hier vertel het nie uit die vreemde hoeke van my verbeelding opgeduik nie. Ek is nog altyd nie opgewasse teen die lewe waar dit die saamflans van vreemde verhale betref nie. Die lewe self bied die aangrypndste stof.

Jan was gans te nugter om 'n towerprins te wees. Marta moes haar eie redding uitwerk. Hy het maar net 'n bietjie hand bygesit, die geleentheid help skep en oor die moeilikste plekke heen 'n bietjie ekstra gehelp. Marta moes hard werk om haar eie redding. Sy moes alles leer van blomme: om hulle vars te hou, om kranse te maak vir die dooies en ruikers vir die lewende bruidjies, om stywe blomme so te buig met verborge draadjies dat hulle netjies

op hulle plekke kon inbuig in die krans of ruiker, om blomme met slap nekke te stut dat hulle regop staan in blompotte. Sy moes leer om blomme te koop, waar, hoeveel en wanneer. Sy moes leer om die blommemaak van haar klandisie te peil. En dan saans, saans, die harde verset teen die roep van haar bloed om die bedwelming waaraan sy so gewen het, die soeterige roes van die vergetelheid.

Maar ook die swaarste stryd bereik naderhand sy einde, en daar het vir haar dae aangebreek dat sy by haar werk kon neurie, die ou liedere wat haar moeder nog vir haar geleer het, en nagte waarin sy weer kon droom oor al die dinge waaroor 'n mens droom wat nog hoop het in die toekoms.

En Jan, Jan-die-Fat het bly toekyk. Hy het haar sien oorwin, bleek en verslete soms van die inspanning, hy het haar elke duit van haar voorskotte sien betaal, hy het haar sien verander van wese. En toe die tyd ryp was, het hy met haar gepraat oor ander dogters wat soos sy was en wat hulp nodig het. Hy het voorgestel dat sy vir eie rekening 'n blomwinkel moes begin waar sy 'n reddende hand kon uitsteek.

Nederig en dankbaar het sy ingestem en sy het toe begin met DIE ROOI ANGELIER.

„Waarom juis DIE ROOI ANGELIER?” wou Jan weet.

„Waarom nie?” het sy met 'n poging om speels te wees, maar tog weemoedig met 'n wedervraag geantwoord, en toe meteens ernstig bygevoeg: „Wat anders kan ek dit noem? DIE WIT ROOS miskien? Sal ek nie altyd maar bewus bly van my rooi angelier nie, watter ander naam ek ook al mag kies vir my blomwinkel? As dit nou so is, waarom dan nie maar die werklikheid aanvaar nie? Dis tog al wat ek uit die verlede met my saambring het — 'n skimpnaam: OU ROOI ANGELIER! Laat ek maar die lewe ontvang as my daaglikse gesél, wie weet, miskien kan ek nog aan die blom vergoed dat my bestaan sý naam 'n skimpnaam gemaak het.”

Jan het haar laat begaan en gesien hoe sy met ywer 'n leë stel kamers op die hoek van Kruis- en Langstraat omskep tot 'n lokkende blomwinkel. Hy het dit ook beleef hoe sy voorskot vir hierdie saak elke duit getrou terugbetaal is. Hy het ook gesien hoe dat al die rooi angeliere wat in haar winkel was, nie altyd blomme was nie, en sy beloning was ryk. Toe sy uiteindelik aandring dat hy 'n deel van die jaarlikse wins moes aanvaar, het hy konsekwent bly weier, en lakonies bygevoeg dat die rooi angeliere vir hom dividende genoeg was, en sy het nie heeltemal



geweet of hy verwys na die knoopsgatruiker wat hy elke dag kom aansteek het nie en wel of hy gesinspeel het op haar reddingswerk nie.

As verstokte vrygesel het Jan nooit ander gedagtes in sy kop rondgedra oor Marta nie. Sy het self oorstroomend geluk en vervulling gevind in haar werk — vir iets anders het sy reeds te oud geword.

Die hele skepping, met alles wat daarop en daarin geskape is, het slegs betekenis in die gees van die mens. Sonder die begrip van die mens word dit alles sinneloos, sonder waarde en is daar geen verskil tussen 'n boom en 'n berg nie. As ek praat van DIE ROOI ANGELIER, die blomwinkel in ons middestad, beteken dié naam vir my nie iets soos DIE ALPEVIOOLTJIE of DIE BLANKE LELIE nie, maar dit beteken vir my die herrysenis van 'n verslonste vrou en van ander „rooi angeliere” wat soos sy leeg deur die lewe gegaan en toe byna ondergegaan het. As ek deur die groot spiegelraam kyk, sien ek by die swierige „naam-tekening” verby, dwarsdeur die winkel, deur die werklikheid van vandag heen tot ver in die verlede waar mense soos skape deur 'n duikweg bondel, maar ek sien ook in die toekoms waar ons mense in vreugde arbeid en geluk en vervulling vind in arbeid.

Hoe ek dit alles weet?

Kyk, my vriende noem my tot heden toe nog Jan-die-Fat.\*

\* Met vergunning van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.

ANTON JENSEN:

## Branding

Ek bly 'n vesel in die net wat eeue gelede  
êrens deur 'n skuif verloor is in die see.  
Ons drywe, doelloos, deur die swart en kyk  
hoe alles drywe deur die net. Die ontsettendste  
van alles is dat ek nooit sal weet wat ek, hulle,  
en die wêreld werklik is nie. Daar is wel  
die wonderde deur andere ontdek: 'n mosaïek  
van die allersynste vorms, patroon en kleur, yl,  
abstrak, 'n helder beeld van als wat word of is,  
als wat roer of rus, 'n wêreldbeeld wat alles suiwer  
tot 'n wet, en tog is daar 'n kraak  
ook in hierdie wonderkruik: die wet verander,  
is ook versin, en dra die kiem van sterflikheid  
soos ook die brein waarin elke wet, die beelde  
en die baaierd, boos en mooi, hulle vorm  
en ook hul einde kry. En tog, as ek durf glo,  
kon ek genesing vind vir die kwaal wat my getref het,  
maar die geloof ontbreek en ek ontbind,  
want nêrens is 'n teken, niks wat bly—  
net altyd aan die rots vreet water en die wind.

## Werklikheid en Waansin

Dit is iets verby die wese wat ons kwel:  
nie die dom aantrekkingskrag tussen aarde  
en gewig maar die swaartepunt daar binne in.  
Dit is ook verby die liefde en die bloed, te stil  
daarvoor—êrens in 'n concerto is daar 'n noot  
wat dit besit, maar die klank verberg die sin,  
en daar bly 'n donker holte in die oor tussen  
senuwee en trommelvlies. 'n Geel stippel  
in Van Gogh se koringland besit 'n vaster  
greep in die leegte tussen kop en kop  
van die golwe lig, en tog: die koeël  
deur die brein, terwyl hy skilder ook,  
is teken dat hy dalk gevind het wat hy soek—  
en dit sou natuurlik ook die einde wees:  
die verskrikking van die vonds is wat ons almal  
vrees. Kyk dan liever na die danseres  
se voet, haar plastiek en vlug: die vaas-  
roning van haar dy, die middel se ovaal  
en sirkels uit die bors, want ons oë sluit  
verskrik die oomblik wat sy hang in  
ewewig, die ontsettende moment  
van die vernietiging wat ons dreig

agter die gedig se woord, in elke noot  
en in die felste waansin van die kwas.  
Maar sy beweeg en ons haal asem weer,  
lewe voort in voorbereiding  
vir 'n slouer dood.

## Sodom

*Neels van Schalkwyk gesels vertroulik met  
die dame, slank en oop geklee in silwerblou:  
„So jammer tog u man moes na 'n pasiënt se bed —  
swaar die dokterslewe . . . nog 'n kelkie wyn mevrou?”*

*Mevrou Van Schalkwyk, net so kleurvol as 'n prentbiljet,  
staan op die stoep, giggelend oor die vleiere van Alwyn Louw.  
In die kersbeligte kamer waar die mat lê opgerol  
kreun Elvis Presley terwyl die paartjies sing en jol.*

*Dog niemand weet, onder die skel gesnater en gelag,  
die gasheer luister agter 'n geslote deur  
na die onheilspellende swaar klank en kleur  
van 'n Brandenburg Concerto van Sebastian Bach!*

ABRAHAM FOUCHÉ:

## Wanneer Boesman Verlief Is

*Wanneer Boesman verlief is, voel  
sy hart ook groot en goed soos blou  
blink oog van Khoeb wat hy, tot nou,  
oor al sy kinders, op die aarde, hou!*

*Dan askoekklop oor Namibsand  
die lied van wind oor silwerblaar;  
groot huil van vrouens op skemerland  
soos Khoeb wat speel op sy kitaar!*

*Dan dat sy hart van blydschap soos  
'n duikerlam se stertjie riel  
wanneer met speentjie in die mond  
hy langs die oorloop-uier kniel!*

*Hy soen haar spoortjie in die sand  
teer met die voorkop en die wang.  
Snags sing die wind 'n lied van hoe  
hy spikkelwolf kaalhande vang!*

*Maar wanneer ander Boesmans na  
haar kyk, word alles voor hom swart  
want hierdie is sy jagveld, sy,  
die duikerooitjie in sy hart!*

*Wanneer hy dan, toe-oë, om  
haar nek 'n skilpaddop kom hang,  
fluister hy dat hy na haar soos na  
'n vuur in winternag verlang!*

PIETER VENTER:

## Nomen Nescio

ALLEEN

*Gewillig en leeg loop ek  
aan die hand van eensaamheid na Clifton eerste strand.  
Geboë dra ek met amorfiese verwagting  
aan die honderdtal lamelndige trappe  
in die honger holte van my lewe.  
Met herhaalde afgemete dalings  
sak ek deur die Sondags swaar minute:  
Eentonig is die tyd se brandertong.*

SONSKYN

*Oumakappertjies knik groen  
na die glinster van rotse teen sonlig  
wat koud en wit weerkaats op knippende wimpers  
van die asemende see. Die wind wuif na  
my peilende bewussyn; die slapende gees  
verlate in die sôe van seemeeuvlerke  
oor die baai se dou-blou trane.*

SKARE

*Meule van kantore en voorstadhuise  
maal repe gestaltes in bruin trosse arms en bene  
in skêrgebare om my uit. Ek vlug om te skuil  
van hul spore in my sand binne grou  
fosforiese grotte waar konkawe  
fluisteringe deur die melk-wit water bruis  
en my probeer vertel waar geen vrees is.*

MAANLIG

*Die skuins laat Sondagmiddagure  
het lank hul kinders huis toe gekeer.  
My rug se sandklip-stut het weggesmelt  
in kussings wat die nag met maanskuim vul.  
Swawel-maanligstrome vloei oor hoogtepunte  
van verlatenheid gesaai oor see en strand.  
Heen kabbel die vloed aan my vrae  
Weer spoel die eb deur my oë  
En ek soek na die antwoord in die skadu's van getye.  
Hoor jy my lied, o ewige waterkoor?*

WIE IS SY?

*Geleidelik wissel skadu en fyn dichromaties  
met vorm en stof; elk alleen, gedefineer  
soekend na mekaar, na die vierde dimensie  
na hul simbiose, na my simbiose  
in die draaikolk van my onvoltooide siklus.  
Die vrug van syn en vorm verweselik want na aan my  
ontluik volstrekte skoonheid en staar my aan  
met ondeurgrondelike meegevoel. Wie is sy?  
Ek neem haar uitgestrekte hand in myne.  
Ons hande stort ineen – in miljoene korrels sand.*

B. LE ROUX:

## Die Reguitstraat

Oppedra aan 'n eendestert.

*Die beskore Israeliet  
loop pouagtig deur die strate  
in die bont kleredrag  
van die eens gehate Ismaeliet.*

*Hy gesels met strokiesprente;  
speel met prikkelpoppe,  
pluk die somerappels  
sommer vroeg-vroeg in die lente.*

*Snags sit hy subiet  
in die Tempel van Astartes:  
proe aan die swart heuning  
van 'n verbote Ammoriet.*

*Hy pluk  
die blare van 'n kankerroos,  
ontvlug na die neontuine van Babilon  
waar hy uitgelate pluk-en-ruk.*

*Bedags stap  
hy deur die swart kolomme  
van die aandkoerant:  
toonbrode geëet, wynvate leeg getap.*

*Uitverkore Israeliet van Tarsus,  
jy met jou krom, verdraaide weg  
Hy ken jou naam en jou adres:  
dis die Reguitstraat in Damaskus.*

## Vier Kwartryne

YUCCA

vir moeder Lamprecht.

*Goue lokke dek sy kroon van oor tot oor;  
jou liefing! Hoe kan jy hom verloor?  
En tog het die motby met sy verdraaide eier  
die vrugbaarheid vroeg in die kiem gesmoor.*

GODDELIKE GENESING

vir Mike Sibole.

*Mike, hoe gaan jy teen die waarheid stuit?  
Vir ewig die luike toegesluit.  
O God, waarom het die kankeradder so diep gebyt?  
Of is dit alles buite U gereg besluit?*

## WITVOËLS

Dalmanutha.

*Saans in wilgerbome skinder, baklei of praat  
gesels dit oor die een of ander grootse daad,  
maar op Sy bevel, wit nonne met koppies onder pye ingetrek  
sluimerend-wag hulle op die beloofde daeraad.*

## OOIEVAAR

vir Eugenie.

*Word Valk se prooi onder grondjies weggeleë,  
en Vadertjie en Moedertjie van droefheid niks kan sê,  
loer ek ewe juts met die woltjale by die kamer in en vra:  
„Outjies, wil julle 'n nuwe baba lê?”*

## Leier van die Volk

Karakters: Henk de Wet, Martha — sy vrou, Bert — hulle seun, Frans Vermaak.

Die drama speel 'n eeu gelede af, in 'n eensame, afgesonderde landstreek, waar die bewoners naby die grond leef. In hierdie verlate wêreld is die natuur die enigste wegwyser, die bewoners se eie wette die enigste wat hulle gehoorsaam. Te midde van hierdie barheid staan HENDRIK en FRANS, elkeen die onbetwiste leier van sy eie gemeenskap. En soos die gemeenskaplike veragting wat hulle vir mekaar koester, so is die grens tussen die twee gemeenskappe onoorbrugbaar. Wat aan HENDRIK van Efraimsdal behoort, is verbode vir FRANS van Jakobskloof. Dít is die grondbeginsel van die wet van Efraimsdal.

Die gordyn gaan op oor die voorkamer van die huis van HENDRIK DE WET, heer van Efraimsdal. Dit is laatnamiddag en die son val geel deur die venster. HENDRIK kom binne. Hy staan in die middel van die vertrek, en steek sy pyp ingedagte op. Dan stap hy terug na die onderdeur en staar na buite. MARTHA, sy vrou, kom binne.

MARTHA: Ek het gedink ek hoor jou binnekom. Jy's vroeg vandag, ou man. (*Staan by hom*) Wat staan jy so alleen?

HENDRIK (*Draai na haar*): Ek dink sommer, vrou. 'n Man in my posisie moet sy gedagtes soms laat gaan.

MARTHA (*Goedig*): Jou harsings sal nog uitdroog van al die dink. As mens jón sien, sou jy sweer jy is die koning sonder 'n kroon.

HENDRIK (*Glimlag*): Jy spot nou weer. (*Ernstig*) Elke leier het 'n verantwoordelikheid, vrou. Die een voer gesag oor tien, die ander oor honderd, die ander oor duisend . . .

MARTHA (*Goedig*) . . . en die ander oor duisende van tienduiseende.

HENDRIK (*Streel haar hare*): Jy is vandag weer in een van jou goeie buie. (*Teer*) Dis goed vir 'n man om 'n vrou soos jý te hê, Martha. Jy het met my saam op hierdie pad geloop, deur al die jare. Jy het nooit gekla nie — en God weet, jy het soms rede gehad.

MARTHA (*Innig*): Jy praat of ons jonk is, Henk. Die jare het verbygegaan.

HENDRIK: Ja, die jare het verbygegaan, vrou. Maar jy het nie verander nie. Jy hou my jonk en sterk. Jy hou my op die regte pad — die pad van Efraimsdal.



(POUSE)

MARTHA: Hoe vaar die ploëry?

HENDRIK (*Lewe hom in*): Elke duim van ons grond is omgeploeg, vrou. Elke duim — tot aan die grens. Jy moet kom kyk. Al die vroue moet kom kyk. Hoor wat ek vir jou sê, vrou, die toekoms gaan groot dinge bring. Voorspoed vir elke huisgesin op Efraimsdal. Ai, Martha, dis of ek die toekoms kan hoor roep.

MARTHA (*Teer*): Ek verwonder my soms aan jou. Jy is prakties, en 'n dromer tegelyk.

HENDRIK (*Starend*): Die droom is óns, my vrou. Die droom is Efraimsdal! (*Kyk oor die onderdeur, draai na 'n oomblik na haar*) Agter ons grens lê daar 'n stuk grond, Martha. Bruin grond! Vrugbaar! Maar wat doen Frans Vermaak daarmee? Niks! Dit maak my hart seer, vrou. Elke keer as ek daarna kyk, is dit of iemand my tussen die oë slaan. Om kosbare grond so te laat lê en vergaan! Dis 'n misdad teen die natuur — teen God!

MARTHA (*Effens ongeduldig*): Jy praat of die grond aan jou behoort, Hendrik. Wat het ons met hulle uit te waai? Vergeet die mense tog.

(*Na 'n oomblik*) Ek kon nog nooit verstaan het waarom ons so vyandig lewe nie. Dis 'n groter sonde, ou man.

HENDRIK (*Lighartig*): Jy oordryf nou sommer, vrou. Dit lyk my dis 'n vrouekwaal. Nee, Martha, ek en Frans dink net nie saam nie, dis al. Ons loop nie op dieselfde pad nie. Ons is soos 'n leeu en 'n olifant. Ons respekteer mekaar se krag, elkeen op sy eie manier — maar ons soek nie gemeenskap nie.

MARTHA: Die mense se haat is meer as dít, ou man. Ek luister na die praat. Dis giftig.

HENDRIK (*Kom nader*): Wat sê hulle?

MARTHA (*Ontwyk*): Jy weet wat hulle sê. (*Sug*) Ek sê vir jou, Hendrik, ek is moeg van al die haat. Ek is moeg vir kwaai-vriendskap. Dit maak my siek — hier binnekant.

HENDRIK: Die grens tussen my en Frans Vermaak is diepgewortel, vrou. Dit sit nie bo-op nie. Nee, dit gaan terug na Pa en Oupa, en dié se vader. (*Lig haar ken op*) Ek wil dit nie so hê nie, vrou. Maar ek kan dit nie verander nie. Ek is magteloos.

MARTHA (*Staan by die venster*): Nee, jy kan dit nie verander nie, Henk. Dis 'n siekte onder ons. (*Na 'n oomblik*) Onthou jy die dag van ons troue?

HENDRIK: Sal ek dit ooit vergeet? Ek was die trotste man, Martha — en ek het rede gehad. Ai, toe ek jou van

die wa aftel, en jou voete Efraimsdal se rooi grond vir die eerste keer raak! Ai, ai, my hart wou bars! Ek het probeer om iets te sê, maar my tong was soos 'n steeks muil. Onthou jy, ek het jou rondgedra soos 'n pasbegore lam en vir elkeen gaan wys.

MARTHA (*Glimlag dof, teer*): Ek onthou, Hendrik. Ek onthou elke woord, elke gedagte, elke oomblik. (*Kyk weg, na 'n oomblik*) Dit was soos 'n lang droom.

HENDRIK: Dit was gelukkige dae, vrou. (*Ietwat veront-rus*) Jy is nie spyt nie?

MARTHA: Nee, Hendrik, ek was nooit spyt nie. Maar Efraimsdal het 'n gevangenis geword. Daar was mure wat ek wou afbreek — mure tussen mens en mens, tussen hart en hart. Ek kon dit nooit doen nie, Hendrik. Daar was altyd iets in die weg.

HENDRIK (*Stil*): Nou praat jy of jy my verwyf.

MARTHA: Ek verwyf jou nie, Hendrik. Ek praat maar net uit my hart. Ek is jou vrou; ons het geen geheime nie. (*Starend*) Ons het oud geword hier, ou man. Efraimsdal het geluk gebring. Ons het 'n seun wat kan voorttrek op die pad. En tog . . . daar is mure, Hendrik. Moet hý ook teen die mure stuit?

(POUSE)

MARTHA (*Skielik opgewonde*): Ek sien vir Bert aankom. Van die lande se kant.

HENDRIK (*Staan nader*): Bert? Ek het hom gesê om toe-sig oor die ploëry te hou. (*Gaan na deur, roep*) Bert! Wat is dit? Waarom is jy nie by die werk nie?

BERT (*Sy stem kom nader*): Ek wil met Pa praat.

HENDRIK: Praat? Waaroor, jong?

BERT (*Verskyn in deuropening; HENDRIK laat hom binne*).

HENDRIK: Wat is dit, jong?

BERT (*Huiwerig*): Het Pa Frans Vermaak gevra om hierheen te kom?

HENDRIK: Frans? Natuurlik nie! Ons het nie besigheid nie. Jy weet dit net so goed soos ek.

BERT: Wel, hy en 'n paar van sy gespuis is op pad hierheen.

MARTHA: Bert! Dis nie die taal van 'n Christen nie!

BERT, Jammer, Ma.

HENDRIK (*Kyk uit oor onderdeur*): Wat wil hulle hê?

BERT: Ek het nie gevra nie, Pa. Ek het gedink dis beter om my mond te hou, en vir Pa te kom sê daarvan.

HENDRIK: Hm. Dit lyk snaaks. Weet jy van iets?

BERT: Wat bedoel Pa?

HENDRIK: Moenie vir jou onnosel hou nie, Bert. Frans Vermaak sal nie om dowe neute hierheen kom nie.

Miskien het iemand weer met die drinkwater gepeuter.

BERT (*Kyk weg*): Nee, Pa, ek weet niks.

HENDRIK (*Kyk na BERT, dan oor die onderdeur*): Wel, hier kom hulle. Magtag, dit lyk soos 'n leër.

MARTHA: Wil jy koffie hê, Bert? Dis varsgemaak.

BERT: Nee, dankie, Ma; ek het werk om te doen.

HENDRIK: Bly hier, Bert. Dan kan jy mos ook hoor wat die moeilikheid is.

BERT: Ek sal liever buite wag, Pa.

HENDRIK: Hoe lyk dit vir my jy is bang, Bert?

BERT (*Ongeduldig*): Ek het nie tyd vir hulle nie, Pa — Pa weet dit. (*Sagter*) Ek sal 'n rukkie buite wag, as Pa wil — ingeval Pa my nodig kry.

HENDRIK (*Afwesig*): Goed, ou seun; gaan jou gang. Sê vir hulle, hulle kan binnekom.

BERT: Goed, Pa. (*Uit*)

HENDRIK (*Starend*): Ek voel snaaks, vrou. Ek weet nie waarom nie. Ek voel daar is dinge in die lug. (*Na 'n oomblik*) Dis beter as jy ook gaan, vrou. Laat my alleen met Frans.

MARTHA: Goed, ou man. Ek sal in die kombuis wees. Praat maar as jy iets nodig het. (*Bekommerd*) Wees versigtig, Henk. Jy weet hoe dit is. 'n Verkeerde woord kan 'n vuur aansteek.

(*HENDRIK antwoord nie. Sy kyk nog 'n oomblik na hom, gaan dan stil uit*).

(*POUSE. Dan kom Frans binne*).

HENDRIK (*Swaai na hom*): Wat bring jou hier, Frans Vermaak? Ons het nie besigheid nie.

FRANS (*Strak*): Ek het gedink jy weet, Hendrik de Wet.

HENDRIK: Hoe kan ek weet as niemand my vertel nie? Wat is dit? Praat — die tyd is kort.

FRANS (*Bitter*): Ja, die tyd is kort, De Wet. Maar dis lank genoeg om reg en geregtigheid te kry. Ek sweer ek sal dit kry, De Wet. Ek sweer dit. Jy sal dit gee.

HENDRIK (*Hoogmoedig*): Reg en geregtigheid is die wet van Efraimsdal, Frans Vermaak.

FRANS (*Veragtend*): Van wanneer af?

HENDRIK (*Bedwing hom*): Wat wil jy sê, Vermaak? 'n Man met bloed in sy are sê wat op sy hart is, vir almal om te hoor.

FRANS: Goed. Luister, De Wet, een van my manne is vermoor.

HENDRIK (*Tree nader*): Vermoor?

FRANS (*Bitter*): Hy was half-blind en oud. Hy het die grens per ongeluk oorgesteek. Hy is soos 'n jakkals platgeslaan. Soos 'n hond. Hy het so pas gesterf.

HENDRIK (*Slinger weg, sy gesig vreemd; eers na 'n oomblik*): Jy sê hy was blind?

FRANS: Blind en oud. Sewentig. As jy 'n man is, De Wet, as jy 'n hart het, vergoed vir hierdie daad.

HENDRIK (*Asof tot homself*): Hoe kan ek vergoed vir die dood van 'n mens?

FRANS: Lewer die skuldige aan my uit. Laat hom betaal.

HENDRIK (*Stil*): Kan jy sweer dis een van ons?

FRANS: Wie anders kan dit wees? Wie anders, De Wet? Sou óns dit doen? Antwoord my! Sou ons?

HENDRIK (*Antwoord nie, staan voor die venster, kyk na buite*).

FRANS: Luister, De Wet, laat my toe om die skuldige te soek. Ek sal hom kry, ek sweer. Ek verwag nie dat jy dit moet doen nie. Ek weet dis pynlik vir jou...

HENDRIK (*Swaai om*): Nee!

FRANS: Wat? (*Bitter*) Dan praat jy van geregtigheid en reg!

HENDRIK: Ek sê geen speurdery nie. Elke man wat vir my werk, is 'n held, Frans Vermaak. Ek sal hom vra om oor te gee soos 'n man. Dit is die wet van Efraimdsal.

FRANS (*Veragtend*): Held! Sal 'n held 'n ou man aanval en vermoor? 'n Blinde man?

HENDRIK (*Antwoord nie, staan gespanne, sy gesig vreemd*).

FRANS: Ek wag, De Wet.

HENDRIK (*Eers na 'n oomblik, sag, maar beslis*): As iemand skuldig is, sal ek hom uitlewer, Frans. Jy het my woord daarvoor — die woord van 'n man. Efraimdsal sal die prys betaal.

FRANS: Goed, De Wet, ek sal buite wag. (*Gaan na deur, draai dan om*) Onthou, jy glo aan reg en aan geregtigheid. Bewys dit nou. (*Uit*)

(*POUSE. Dan stap HENDRIK stadig na die deur*).

HENDRIK (*Roep toonloos*): Bert! Bert!

BERT (*Verskyn na 'n oomblik, kom binne. Hy praat nie, ontwyk HENDRIK se deurborende oë*).

HENDRIK: Jy het geweet van hierdie ding, Bert.

BERT (*Onverskillig*): Die manne het my vertel, Pa.

HENDRIK: Weet jy wie dit is?

BERT (*Draai weg*).

HENDRIK (*Hard*): Bert!

BERT: Die manne het 'n besluit geneem, Pa.

HENDRIK: Besluit: Niemand neem op Efraimdsdal besluite nie. Ek gee bevel, en dit word uitgevoer. Wat is die besluit?

BERT: Hulle gaan niemand uitlewer nie, Pa. Niemand nie.

HENDRIK (*Tree nader*): So? Dit is dus een van julle, nè? Wie is dit, Bert? (*Bert antwoord nie*) Antwoord my, Bert! Dis jou vader wat praat!

BERT (*Kyk weg*): Ek het my woord gegee, Pa. Die manne vertrou my.

HENDRIK: Jou woord! Jy gee jou woord aan lafaards? Waar is jou manlikheid? Moet ek die dag beleef dat my seun 'n besluit neem teen my wil? Moet ek sien dat my seun 'n verbond met 'n lafaard maak?

BERT: Pa verstaan nie.

HENDRIK: Ek voer die woord, Bert. Ek voer gesag. Niks gebeur op Efraimdsdal sonder my wil nie.

BERT (*Opstandig*): Pa praat of die mense bloedfamilie is. Efraimdsdal is vir ons alleen, Pa. Dit is ons wet. As ander oor ons grense kom, moet hulle die prys betaal.

HENDRIK (*Wrang*): Selfs al is hy oud en blind en hulpe-loos?

BERT: Hoe kon die manne raai die man is blind, Pa? Hulle het nie geweet nie.

HENDRIK: Dit verander nie die onreg nie. Dis 'n misdaad, Bert, 'n misdaad teen God. En ek sal die skuldige soek solank ek baas is hier.

BERT: Die manne sal nie buig nie, Pa. Hulle sal 'n ander leier kies as Pa hulle dwing.

HENDRIK: Vir wie sal hulle kies? Vir jou?

BERT (*Opstandig*): Ek het dit nie gesê nie, Pa.

HENDRIK: Nee, jy sê dit nie, Bert. Maar jy dink daaraan. Luister nou goed na my, Bert, ek is nog baas op Efraimdsdal. En solank ek baas is, sal ek die laaste woord in alles hê. In alles! Verstaan jy? Jy lewer die man uit. Ek wil hom sien.

BERT: Ek kan nie, Pa. Pa weet ek kan nie.

HENDRIK: Ek gebied jou, Bert! Ek is jou vader.

BERT (*Struikel weg*): Ek het Pa reeds gesê ek word vertrou.

HENDRIK: En my vertroue? Is dit niks? Is dit iets om sommerso op te trap? (*Dringend*) Luister, Bert, my seun, vir jare al is daardie grens tussen ons en Frans Vermaak. Ons leef apart. Ons vra geen gunste vir mekaar en gee ook geen. Die een is vir die ander dood. Maar tot op hierdie dag was daar geen bloed nie, Bert. Ons het geweld vermy. Ons het ons veragting vir me-

kaar in 'n doek toegebind en begrawe in die grond. (*Vaderlik*) Dit was nog altyd ons beleid, my seun. Al die jare. Dit was nog altyd ons behoud. Daarsonder sou ons soos die diere wees. (*Na 'n oomblik, starend*) Maar vanmôre het die bloed gevloei, my seun. Een van ons manne het die kode met sy lafhartigheid verbreek. Ons is nie meer vry nie, my seun. Ons is gebonde, en ons moet die prys betaal.

(*POUSE. BERT antwoord nie, staan met sy rug na sy vader. HENDRIK staan geboë*).

HENDRIK (*Moeg*): Roep die manne bymekaar, Bert.

BERT: Vader?

HENDRIK: Doen wat ek sê, Bert.

BERT: (*Wil eers antwoord, bedwing hom dan, en gaan uit*).

(*POUSE. Martha kom binne*)

MARTHA (*Sien hom geboë staan*): Hendrik? Ou man?

HENDRIK (*Draai stadig na haar. Hulle kyk 'n oomblik na mekaar; sug*): Ai, my vrou!

MARTHA (*Staan by hom*): Ek het gehoor, ou man.

HENDRIK (*Starend*): Dis alles so vreemd, vrou. Dis of ek 'n vreemdeling is in 'n vreemde land. Dis of ek op 'n kruispad staan.

(*Staan by deur, kyk na buite; asof tot homself*) Ek wou nie leier wees nie, vrou. Ek kon nie kies nie. Die lewe het my 'n leier gemaak. O, Martha, Martha, dis 'n las! Dis 'n vloek! Die verantwoordelikheid word vir my te veel.

MARTHA (*Staan agter hom, haar hande op sy skouers*):

Jy is nie skuldig aan hierdie dinge nie, ou man. Jy is 'n goeie leier en 'n man.

(*Vroulik innig*) Ek het altyd so gedink, Henk. Vir my was daar altyd maar net één man — net één.

HENDRIK (*In 'n vreemde stem*): Ek gee bevele hier, my vrou. My woord was nog altyd wet. Efraimsdal se mense ken geen ander gesag. Mý woord, mý wil — dis al wat hulle ken. Daarom kleef die donker daad ook aan my naam, vrou. Want Efraimsdal is ék — en ék is Efraimsdal.

(*Struikel weg, in vertwyfeling*) O God, is my veragting en my haat só groot, my blik só blind, dat ook my onuitgesproke woorde en gedagtes daad word? O, Martha, is Henk van Efraimsdal die skuldige omdat hy nagelaat het om die haat te blus? (*Met wroeging*) O, vrou, hierin lê my skuld. Dis nie wat ek gedoen het nie. Dis wat ek nagelaat het om te doen. Ek het my eie haat en afguns laat groei, en aan my volgelingen uit-

gedeel, omdat dit vir my alleen te groot was om te dra.  
(*Struikel na venster, klem aan die koesy vas, skor*)  
Efraimsdal behoort aan my, vrou. Ek het dit opgebou,  
totdat dit groot en magtig was, totdat sy glorie na die  
wolke strek. (*Na 'n oomblik*) Maar met die ander hand  
het ek dit afgebreek. O, Martha, Martha!

MARTHA: (*Leun innig teen hom aan*)

(POUSE. *Buite kan die geroesemoes van stemme gehoor word. BERT verskyn*)

BERT: Vader?

HENDRIK (*Draai stadig, moeg om*): Wat is dit, Bert?

BERT: Die manne is hier, Vader.

(POUSE. *HENDRIK haal diep asem. Dan stap hy stadig na die onderdeur, maak dit oop, bly op die drumpel staan. BERT en MARTHA staan roerloos. Dit word stil.*)

HENDRIK (*Na 'n oomblik, in 'n vreemde stem*): Manne van Efraimsdal! (*Hy swyg 'n oomblik*) Manne van Efraimsdal, julle weet waarom julle hier voor my staan. (*Gefluister in agtergrond. HENDRIK hou sy hand op; stilte*) Een van julle is 'n moordenaar! (*Sy stem word kil*) Een van julle is 'n lafaard! 'n Papbroek! Wie is dit? Wie? Laat die man, as hy homself nog 'n man durf noem, vorentoe tree. Laat hom my in die oë kom kyk. (*Stilte. MARTHA tree vorentoe. BERT plaas sy hand beskermend om haar skouers.*)

(*Hy vervolg*) Waar is die papbroek wat 'n blinde ou man aanval en vermoor? Waar is sy moed nou? Waar is sy durf? Waar is sy manlikheid? Met wie het ek te doen? Manne of lafaards? Helde of ou meide? Met wie praat ek?

(POUSE)

HENDRIK (*Beheers*): Ek sal vyf minute wag — vyf minute, manne van Efraimsdal. Ek sal geduldig wag. Gaan nou, elkeen na sy werk. En laat die een wat skuldig is, vorentoe tree soos 'n man.

(*Gefluister. HENDRIK staan 'n oomblik roerloos. Dan draai hy om, en tree na binne.*)

MARTHA (*Leun teen hom aan*): Hendrik!

HENDRIK (*Asof in 'n droom*): Dit is die uur, vrou — die uur van beslissing. (*Draai na BERT*): Bert, my seun.

BERT: Ja, Vader

HENDRIK: Het jy besluit, Bert? Wat gaan jy doen?

BERT (*Draai weg, in twyfel*): As ek die skuldige aanwys, sal daar 'n opstand kom, Vader. Hulle sal almal teen ons wees.

HENDRIK (*Starend*): Ja, jy is reg, my kind. Daar sal 'n

- opstand wees. (*Gaan na deur, kyk uit*) Daar is niemand nie, Bert. Niemand het sy skuld kom erken nie. (*Fluisterend*) Het Efraimdsal dan vreemd geword?
- MARTHA: Laat 'n uitkenning hou, ou man. Laat die skuldige gedwing word om uit te kom.
- HENDRIK (*Skor*): Nee, vrou, nee! Efraimdsal ken geen tweedrag nie. Efraimdsal het sterk geword, omdat sy bouers manne was. Omdat sy vroue edel was. (*Vertwyfelend*) Is dit Efraimdsal waarvan ek praat? Is dit, Bertus? Is dit die manne op wie ek trots was, soos 'n vader op sy seuns? (*Skor*) Ja, dit is Efraimdsal, my seun. Die masker het geval. Dit is die ware Efraimdsal.
- MARTHA (*Ontroerd*): Praat met die manne, Bertus. Praat met hulle.
- BERTUS: (*Draai vertwyfelend weg, staan gespanne, sy gesig vreemd.*)
- HENDRIK (*Kyk oor die onderdeur, asof in 'n droom*): Die son se laaste strale blink oor Efraimdsal. Kyk na die heuwels, my seun. Kyk, Martha, kyk! Net soos goud. Nee, veel meer as goud.
- MARTHA (*Wenend*): Gaan praat met hulle, my seun. Gee jy dan nie om as jou vader ly nie?
- BERT (*Hees*): Daar sal 'n opstand kom, Moeder. Daar sal verdeeldheid wees. Ons moet dink aan Efraimdsal.
- HENDRIK (*Skor*): Ja, ons moet dink aan Efraimdsal, my seun. Aan Efraimdsal alleen. (*Na 'n oomblik*) Gaan nou, my seun.
- BERTUS (*Huiwerend*): Wat moet ek vir die manne sê, Vader?
- HENDRIK (*Eers na 'n oomblik*): Sê vir hulle Efraimdsal ken geen tweedrag nie, my seun. Sê vir hulle die mense van Efraimdsal moet één pad trek. Hulle oë moet gevestig wees op één vergesig, één doel.
- BERT (*Tree nader*): Vader?
- HENDRIK: Gaan nou, Bert.
- BERT: (*Gaan huiwerend na deur.*)
- HENDRIK (*Fluisterend*): Kyk goed na Efraimdsal, my seun.
- BERT: (*Kyk vreemd, draai dan om, en gaan uit.*)
- MARTHA (*Ontroerd*): O, Henk, my arme man.
- HENDRIK (*Skor*): Dit was 'n hoë prys wat ons moes betaal, vrou. Die prys van ons haat; die prys van ons selfsug en ons hoon. En nou — nou het die rekening gekom. (*Met plotselinge ontroering*) O, Martha, Martha, het ek Efraimdsal verloën? Of is dit Efraimdsal wat my verloën?



MARTHA: (*Snik ontroerd.*)

HENDRIK (*Asof in 'n droom*): Die manne van Efraimdsal het besluit, Martha. Henk van Efraimdsal se woord is nie meer wet nie. Henk het 'n niks geword, 'n niks! (*Struikel weg*) Maar Henk de Wet is nog die baas op Efraimdsal. Hy dra nog die merk van die leierskap. Hy moet nog betaal. Vir hom is daar geen ontvlugting nie. Hy durf nie wegkruip agter sy vriende nie. Hy kan nie — want hy dra die vloek!

MARTHA: O, Henk, jy kan nie betaal nie. Jy is onskuldig.

HENDRIK (*Vreemd*): Wie op Efraimdsal is onskuldig, vrou? Geeneen. Maar ék, Henk van Efraimdsal, ek is die leier van die volk — en daarom moet ek betaal. (*Sy stem kry 'n diep klank*) Ek het nie gekies om leier te wees nie, Martha, maar ek het aanvaar. En voor God sweer ek, Martha, ek sal aanvaar tot die laaste toe — met my laaste druppel bloed! (*Sagter*) Ek MOET betaal, Martha. Daar is geen ontvlugting nie. Ek moet die prys betaal wat die lewe vra. (*Fluisterend*) 'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.

(*Hy struikel na die deur. Sy klem aan hom vas, hartstogtelik wenend. Daar is egter geen huiwering in hom nie. Hy verdwyn fier en regop na buite. MARTHA bly agter. Sy snik onbeheers.*)

PIROW BEKKER:

## Skyfskiet

*Kom ons skiet  
die ronde kol  
tot . . . og, tot  
ons slotte lol*

*of die kol  
vol gate is,  
want ene wen  
al moet twee twis.*

*Met dopklap  
moet elke keer  
'n stukkie kol  
daar voor makeer.*

*O, rooivlae hou  
die lewendes  
van die gevaar  
van dooierus.*

*Met angs in oë  
en plekke lyf  
vuur ons in  
die naakte skyf.*

*„Uit die vuur  
en viervoet staan!”  
hoor ons vererg  
die oues maan,*

*maar ons bewes  
van die vrees  
om met die dood  
duidelik te wees.*

*Kom, wie sal  
verwoesting mis,  
kniel of staan  
of dooierus . . . ?*

## Ongehude Moeder

*Nou is dit waar. Vir jou die pyn  
en 'n eindelose verte wat steeds wyk.  
Want al bevry jy jou van hom  
sal sy oë steeds verlangend na jou kyk.*

## Sluis

*Ek demp jou vreugde en jou smart.  
Wat vroër wild was in sloot en vlei  
vergaan hier in die ouer hart  
en word in streng kanale afgelei.*

## Kiewiet

*Trekvee en die snuffelmaanhaar is jou vrees:  
jy kantel weerloos en draai jou blikstem hees  
of val-val soos 'n jong voël, wêg van jou broeigeluk  
wat twee klein eiers in 'n kaaltetjie kan wees.*

A. J. B. RAWLINS:

## Ridder van die Martelpyp

### I. KRISIS

*Die bitter antwoord dra hy in sy hart  
terwyl die nasmaak dik lê in sy mond soos wilde als;  
hy vroetel met sy tong in 'n gesplete tand  
en por sy toon al dieper deur die sand.*

### II. AKSIE

*Terwyl hy ry sien hy die wolke staan  
soos witgras onder 'n wintermaan,  
en hy gryp in sy drif na 'n tak;  
die martelpyp kantel skeef oor die straat,  
en die boom staan alleen,  
lank en mank  
soos 'n afvlerk voël op die kant  
van 'n land.*

### III. REAKSIE

*Terwyl hy lamsak ry  
hang die beskaamde hoop in hom  
soos vlermuise aan 'n ou balkon.*

*(Hoekom dan hierdie driehoek, Heer,  
tussen haar en hom  
en daardie biel  
wat nog moet kom?)*

*En 'n pyn stroop sy hart,  
sypel deur tot die pas  
wat hy trap;  
suij in sy keel  
tot sy oë skeel;  
en verkalk die kwyl  
in sy mond  
tot 'n dorre snik.*

### IV. RESULTAAT

*Hy staan skeef teen die wind en trap, piekfyn uitgedos,  
vanaand moet hy 'n ander kleim gaan vat,  
maar weet hy moet versigtig,  
met 'n ompad deur die bos.*

## Klonkie in die Koue

*Jou lied klink vals maar vrolik in my boord,  
daar buite, waar die winterstowwe draai.  
Jy lyk so skraal, tog werk jy rust'loos voort;  
jou slenters wapper, wyl jou piksteel swaai!*

## Hoop

*En dié wat dien, dikwels deur stil te staan  
en wag, wyl besiges bly kom en gaan?  
Dis hulle wat lantêrns vol moet hou;  
want nooit mag lig langs donker pad verflou!*

## Nederige Diens

*Nou weet ek, eind'lik, dat ook ek hier een  
van baie is, wat olie gee; alleen  
as ons getrou is sal die ratte roer,  
die wiele draai in hierdie dol rumoer!*

## Droom En Daad

*Hoe graag wou ek soos soveel ander dien:  
Daadwerklik dien, hier langs my pelgrimspad;  
maar een moet bou, 'n ander gruis voorsien;  
gedigte skryf jy saans, ek maak 'n mat.*

## Ontferming

*Het U van ver die skool van visse vroeg die dag,  
regs van die net wat leeg was, opgemerk;  
wyl honger vissers, vaak en moedeloos versmag  
het, Heer? Oj was die vangs 'n wonderwerk?*

## Ortopediese Werkswinkel

*Hier praat die werkers saaklik, sag: Die taal  
van vriend'likes, wat swakkes stut met staal;  
veelvuldig die geluide wat ek hoor:  
'n klankereënboog vorm die vreemde koor!*

## Uithuisige

*Ek ruik die roosgeur van jou lentetuin,  
wanneer ek hier verbystap, vroeg en laat.  
Tuis wag my woesteny — 'n winterpuin;  
geen tyd of trek vir grond... Ek boer op straat!*

## By die Jongeres

*(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk publiseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen die gewone tarief).*

LOUIS KRUGER:

### Aan Verbrande Motte

Julle het die lig gesoek,  
en dit gevind:  
maar in die gloed het jul gesterf.  
En Ek het as 'n mens geswerf,  
wreed onbemind:  
My edel strewe het die mens gevloek.

„Ek het die lig gekry,  
dis hier by My,  
kom, almal wat dors het,  
dis vry!”

Maar julle soek die lig alleen  
en brand daarin  
terwyl 'n méns My Lig verag.  
Wie nou nie soek nie gaan eendag  
ook vuurlig in,  
maar Ek sal oor vergeefse sterwe ween.

### Ontvlugting

O, kon ek maar, o koue, harde-maan,  
So kil, afsydig teen die lewe staan,  
So hoog, verhewe net op my weg gaan.  
En ver, onaangeraak deur eter baan.

Ag, kon ek maar, o son wat stralend skyn,  
So liefde straal oor almal om, en pyn  
En smaad verdra, asof net skyn  
My vreugde is in hierdie smart en pyn.

O, kon ek maar o Westewind, so suis,  
En wild en woes die takke fyn vergruis,  
En jaag oor seë, woude, en sag ruis  
In skemer lande oor 'n vreemde huis.

Maar nou moet ek as mens die mens se smart aanvaar  
Wat elke troostelose dag my baar.

J. BARNARD:

## Ter Nagedagtenis aan C. M. v. d. Heever

*Die lewe het jou dit geleer,  
dat elke roos wat ooit mag blom  
hier moet verwelk en sal verweer,  
om plek te maak vir jonges wat nog kom.  
En die gang van hierdie lewenskring  
het jou lank laat dink en gis,  
maar waarom het jy dit besing  
asof dit so belangrik is?  
Jou blom het nou ook vergaan,  
en in jou plek kom botsels klein,  
wat ook sal blom — en dan weer saam  
in hierdie lewensgang verdwyn.  
O God laat elke peinsende soos ly  
ook die antwoord in u woning kry.*

BERENDIEN KRUGER:

## Dat Hierdie Emosie

*Dat hierdie emosie kon uitkristalliseer tot eie gestalte  
en los van my bestaan kon voer;  
gepuur uit individu se gees wat kolk en roer  
tot almal's spieëlbeeld waaruit hul eie angste loer.*

*Dat die voortvlugtige sielsbelewenis  
in woorde vasgevang kon word  
en die stilte weer die hart kom vul  
en in tevredenheid ek myself kan kul:  
my wese is in verse uitgestort.*

## Strofe

*Met geel lamplig en die swart letters van 'n boek  
Keer ek my bestaan 'n wyle vas in 'n hoek.  
Maar die denke wil hom nie laat bind,  
gaan dwaal ver buite die ligkring soos 'n verlore kind.*

## Herfs

*'n Veerwolk streep oor die hoek van die hemel  
as enigste herinnering aan die reën van gister.  
Die dag lê oop onder die blou;  
skraal populiere muur op langs die straat,  
oorkant skuil die huise in Aasvoëlkop se vou  
en agter my hoor ek twee vroue gesellig praat.  
Mag ook ek, voor my winter kom,  
die skoonheid van so 'n herfsdag ken.*

## Partytjie

*Die warm gloed van vuur en baie asem  
Trek ons uit die kou — maak die ruite toe met wasem.  
Met baie lag en bolangse hartlikheid  
Wil elk homself vergeet in doelbewuste joligheid.  
Die glimlag voor jou leeg en hol,  
die hart om eie leed alleen gestol.  
O God, kan skyn dan nooit verdwyn,  
dat elk maar weer bewus word van sy eie pyn.*



PRISCILLA THERON:

## Donkerte en Lig

Amram is moeg, tot sterwens toe moeg. Hy en sy broer Jona is reeds 'n paar dae op pad. Hy voel baie opgewonde. Jerusalem kan nie meer ver wees nie — sy redding is naby!

Hy was nog maar 'n opgeskote seun toe die verwoester met sy werk begin het, maar hy het dit toe nie geweet nie. Eers later toe hy hom moes inspan om dinge op 'n afstand te kon onderskei, het die vrees wit-warm in sy hart gebrand. Ten spyte van alle teenmiddels het die donkerte meedoënloos op hom toegesak. Teen sy twintigste jaar was hy heeltemal blind.

„Dis in die familie,” het hy die bure hoor praat. „Sy oupa Jona was ook so.” Hoe goed onthou hy nog die dae van wilde verset teen die donkerte, van bittere trane, die opstand teen God. Maar later het die berusting gekom. Sy vreugde het hy toe gevind daarin om vir die kinders van sy stad, Sidon, nuwe lig te bring deur vir hulle verhale te vertel, en om ure by die strand te wag tot Jona terugkom met die skuite.

Maar tot daar in die afgeleë Sidon het die nuus hulle ook bereik van die wonderlike man Jesus, wat siekes gesond maak en blindes laat sien. Hoop het wild in sy hart opgevlam en hy het sy broer gesmeek dat hulle die reis moes onderneem.

Hy hoop om Jesus in Jerusalem te vind, want hy het gehoor dat Hy daar die Paasfees gaan vier. Dis Vrydag, die dag voor Paasfees, en Jesus sal ongetwyfeld daar wees.

„Hoe ver is ons, Jona? Kan jy al die stadsmure sien?” Bewend van opgewondenheid vra hy dit.

„Ja, ek kan die mure al sien. Ons moet nog net Golgota verby, dan is ons by die poort . . . Maar wat is dit? Daar word mense gekruisig, Amram! Drie van hulle! Wat sou die arme mense weer teen die Romeinse hordes gesondig het? Kom ons gaan kyk . . .”

„Nee, Jona, ek kan tog nie sien nie. Laat ons eers na Jesus gaan soek.”

„Nee, kom ons gaan kyk.” Jona neem hom by die hand en struikel-struikel sukkel hulle oor die klippe.

Hulle hoor 'n geroesemoes van stemme en tussenin die geskel van Romeinse soldate. Dan 'n brutale stem: „As u die Christus is, red uself en vir ons!” Amram frons. „Wat gaan aan, Jona? Wie is die Christus waarvan hy praat?”

„Ek weet nie. Wag, daar's 'n opskrif bo-aan die middel-

ste kruis. Kom ons gaan nader dat ek kan sien!" Hulle sukkel tussen die massa deur en kort-kort skuur hy teen 'n vrou se kleed.

Dan lees Jona: „Jesus, die Nasarener, die Koning van die Jode.”

„Jesus van Nasaret? Jesus, sê jy, Jona?" Sy stem skryn van pyn. Trane pers onder die blinde ooglede uit en gly stadig oor die wangbene totdat dit in sy baard verdwyn. „Hy moet my dan laat sien! Neem my tot by Hom, Jona.”

Stadig lei Jona hom tussen die groepie wenende vroue deur totdat Amram se gevoelige vingers die ruwe kruishout betas. Bewoë hef die blinde sy betraande gesig op: „Jesus, Meester,” fluister hy skor.

„Wat is jou wens, my seun?" vra 'n liefdevolle, dog pynbelaaide stem.

Amram staan bewend. Die woorde huiwer op sy lippe, maar hy durf hulle nie uitspreek nie. Hy dink weer aan alles wat hy sedert sy jeug moes ontbeer: Die sonsondergang oor die see, die skoonheid van die blomme by die stroom. En aan die eensaamheid en lewenslange duisternis wat vir hom voorlê as hy nie nou praat nie.

Maar hoe kan hy aan hierdie man vra om hom te verlos terwyl Hyself helse smarte moet ly? Hoe kan hy wat Amram is, so selfsugtig wees? Skielik is dit of hy 'n besluit neem: „My wens is, Meester, dat U spoedig die koninkryk van U Vader mag sien." Toe hoor hy die Meester sê: „Dit is volbring!"

Hy het sy ooglede beweeg en... hulle het oopgegaan. Hy kon alles sien! Oorstelp deur die wonder het hy gretig rondgekyk. Al was alles donker rondom die drie kruise wat op die hoogte gestaan het, het die lig van Hom wat so pas gesterf het, helder in Amram se oë gebrand.

# 'n Afrikaanse Literêre Agentskap?

Geagte Redaksie,

Graag sou ek die menings van medeskrywers en ander literêringestelde persone omtrent bogenoemde onderwerp wou verneem.

'n Literêre agent is 'n bemiddelaar tussen skrywer en redakteur of uitgewer. Hy dien as kritikus, raadgever en verkoopsagent van die skrywer. Dit spreek dus vanself dat hy 'n hoogs professioneel-opgeleide — en tegnies-ervare persoon moet wees.

In Brittanje bestaan daar 58 sulke agentskappe, in Noord-Amerika 31, in Suid-Amerika 2, op die vasteland van Europa 9 en in Israel, 2, in Suid-Afrika 1 en 1 in Indië.

Die standaard-fooi wat gewoonlik gehef word, wissel tussen 10 persent en 20 persent van die bedrag wat die werk haal, na gelang die lengte en gehalte. Die agent ontvang die vergoeding, trek sy eie kommissie en ander onkoste soos byvoorbeeld kopiereg of oortik van manuskripte af — maar nie posgeld of telefoonoproepe nie — en oorhandig die balans aan die skrywer. Hieruit volg dat 'n goeie agent 'n eerlike en betroubare persoon moet wees, want hy hanteer die skrywer se privaatsake.

Omdat hy 'n professionele persoon is, adverteer hy nie sy dienste nie. Gewoonlik stel literêre agente nie belang in die werk van beginners nie. Dis nie wenslik om meer as een agent aan te hou nie en 'n inleidende brief aan 'n agent word aangeraai alvorens 'n skrywer sy eerste manuskrip aanstuur.

Die versekeringsfirma, Lloyd's, verseker skrywers teen laster. In enige moontlike lasteraksie teen die skrywer, tree die agent ook vir die skrywer in die bresse. Literêre agente hanteer nie poësie nie, vir die eenvoudige rede dat dit nie lonend is nie. Dis merkwaardig hoeveel beginners eers „poëtasters” is voor hulle hul voete begin vind.

Regverdig die sirkulasie van Afrikaanse tydskrifte en die uitgee van Afrikaanse boeke die bestaan van 'n Afrikaanse literêre agentskap? Hierdie is miskien 'n vraag wat alleen ervare joernaliste sal kan beantwoord. Eén sentrale instituut wat manuskripte nasien en bemark, asook die nodige onderhandelinge met uitgewers namens skrywers tref, sou miskien nie ongewens wees nie. Indien verdienstelike Afrikaanse werk vertaal en op die internasionale mark aangebied kan word, sou dit miskien die bestaan van so 'n agentskap regverdig.

Om op te som: Sal skrywers en redakteurs/uitgewers asseblief van hulle laat hoor om te sê hoe hulle van die instelling van 'n Afrikaanse literêre agentskap wat verdienstelike Afrikaanse literêre werk vertaal en/of onvertaald bemark, sal hou?

Geografies sal Kaapstad en Johannesburg waarskynlik die geskikste sentra vir so 'n agentskap wees, vanweë die getal tydskrifte wat daar uitgegee word en ook die aantal uitgewers.

ALETTA NAUDE.

Valleiweg 122, Sunnyside, Pretoria.

22 April 1959.

# Boeke Ontvang

Uitgewers: Nasionale Boekhandel, Parow, Kaapstad, Bloemfontein,  
Johannesburg.

1. D. J. Opperman: Wiggelstok. Herdruk van 'n versameling essays, 1959, prys 18/6.
2. Boerneef: Ghaap en Kambro. 'n Bundel rympies en gediggies van die plaaswerf af, 1959, prys 12/6.
3. A. C. Cilliers: Die Silber Soom. Vertellings wat berus op herinneringe van die skrywer, 1959, prys 18/6.
4. H. S. van Blerk: Geboorteplaas. Plaasroman, 1959, prys 13/6.

ELATA

Volledige beskerming  
deur SANLAM:

- **AFTREEPENSIOEN**
- **WEDUWEEPENSIOEN**
- **GEREELDE INKOMSTE BY  
LIGGAAMLIKE ONGESKIKTHEID**
- **OPERASIELENINGS (RENTEVRY!)**
- **VOORSIENING VIR BOEDELBELASTING**
- **STUDIEPOLISSE**
- **VERBANDSDEKKING**
- **VENNOOTSKAPSDEKKING**
- **KONTANTBONUSSE**
- **SIEKTEVERSEKERING  
(DEUR SANSOM, ONS FILIAAL)**

BESPREEK GERUS U BEHOEFTE MET U SANLAM-VERTEENWOORDIGER.

HY IS SPESIAAL OPGELEI!

Versekering is

**SANLAM**

VZ 1913/P2

